Die Patmos Visioen

. . . Terwyl Broer Neville daardie aankondigings gemaak het, wat Broer Moore nou die dag gesê het, gepraat het van die Gees van die Here, wat ingekom het . . . in die gebou ingekom het. Hy het gesê: "Dit het so wonderlik geraak daarbinne, dat ek gedink het die Wegraping het gekom tot ek rondgekyk het, ek die ander hier sien sit het," het gesê: "nee, dit het nog nie gekom nie, want as—as hulle steeds hier is, dan weet ek ek's steeds hier." So partykeer raak die Gees van die Here so goed vir ons.

2 Ons is so bly om baie vriende te hê wat ons in die gebou sien. Te veel om te probeer noem. Ek het net opgelet, Broer Carpenter, wat by die deur inkom, die man wat my en my vrou getrou het. Broer Carpenter, hy was 'n groot seën vir ons hier by die kerk, en was 'n seën vir ons by wyse van die bediening, en preek enige, omtrent oral. En ons is bly om hom hier te hê, o, soveel ander.

3 Nou daar is nog 'n vraag hier wat gisteraand vir my gegee is:

Broer Branham, word die vyf dwase maagde van Matthéüs 25 gereken as die Heidense oorblysel? Ek verstaan dat die vyf dwase maagde gered is, maar deur die groot verdrukkingstyd moet gaan. Is dit korrek? Indien wel, wat sal hulle finale bestemming wees? Kan hulle die skape wees wat geskei word van die bokke in Matthéüs 25:33 en 34?

4 Baie goeie teoloog volgens wat ek . . . [Leë kol op band—Red.] . . . dink ook so, dat hulle die oorblysel is, die slapende maagd is die oorblysel waarvan daar gepraat word in Openbaring; van die vrou se saad wat die gebooie van God nakom en die getuienis van Jesus Christus het. 'n Vrou sal 'n —'n stuk materiaal neem en dit uitsprei; wel, nou, dis waaruit sy knip haar . . . of haar patroon neem en dit neersit waar sy ook al wil, op watter manier sy dit gaan knip. En wat sy dan oor het, word die oorblysel genoem, maar sy kies om dit uit 'n sekere plek te knip volgens haar eie vrye denke. Maar wat oorbly, word die oorblysel genoem.

5 Nou, as julle sal oplet, daar was vyf dwase en vyf wyse maagde; almal van hulle was maagde, van dieselfde materiaal gemaak. Maar, deur uitverkiesing, God het Sy Bruid deur uitverkiesing gekies voor die grondlegging van die wêreld, hulle name geplaas op die Lam se Boek van die Lewe, geslag voor die grondlegging van die wêreld; voor die wêreld ooit begin het, God in Sy gedagte, wat oneindig is.

6 En ons gebruik partykeer die woord, is "voorbestemming," maar dit is sekerlik 'n struikelblok in hierdie kerktydperk waarin ons lewe. Dit was beslis 'n groot ding wat gebruik is in die dae van die martelare, want hulle het dit beslis geglo. Maar dit het

nou weggegaan Daarvan, na die wettiese idees, die wettiese leer in die kerk wat gekom het. . . Wat ’n goeie ding was, want dit het alles Kalvinisties geword in Engeland totdat hulle nie eers meer herlewings gehad het nie, en John Wesley gekom het en die Armeense doktrine gepreek het, wat dit gebalanseer het. God sal dit altyd balanseer.

7 So, dan was die dwase maagd die een wat nie olie in hulle lampe gehad het nie, wat ek glo uitgewerp was in die buitenste duisternis waar daar ’n geween, gekerm, en gekners van tande sal wees. En as julle dit vergelyk, met hulle voetnotas, sal dit weer reguit teruggaan na die groot verdrukking. En ek dink hulle is diegene wat agterbly en deur die groot verdrukking gaan. En ’n groot les daar, as ons die tyd gehad het om daarop in te gaan. As julle. . .

8 Nou, onthou, ek het aanvanklik gesê, waar as julle die bandopnames hoor: “Hierdie dinge is net volgens die manier waarop ek glo dat hulle reg is.” Sien? Nou, as hulle verkeerd is, weet ek nie—weet ek nie hulle is nie. Ek. . . En ek kan net sê wat ek glo. En ek bedoel nie om enigiemand se gevoelens seer te maak nie. Ons moet hulle net ter syde lê wanneer ons inkom, en dan die ding neem wat gesê word, en dit ondersoek, en kyk of dit regtig die Skrifte is, of nie. Dis die beste manier om dit dan te doen, want in ’n dag waarin ons nou lewe, in ’n volk waar dit oor en oor en oor en oor ge-oes is deur allerhande soorte van alles, wel, is dit moeilik om mense Dit regtig te laat begryp. Soos wat dit in ’n onbereikte area is; jy vertel hulle, hulle glo dit, dis hoe dit voortgaan.

9 Maar, nou, een sal kom met *hierdie* idee, en een sal kom met *hierdie* idee, en ons het omtrent iets oor die negehonderd verskillende denominasionele kerke, en elkeen teenstrydig (sy leer) met die ander; en daar moet iemand verkeerd wees en iemand reg. So nou, die enigste bewys daarvan is, is bring dit terug na die Bybel; sien, laat die Bybel. Nou, baiekeer, gee mense hulle eie interpretasie. Maar ons probeer die heel beste wat ons kan, om nie enige menslike interpretasie daaraan te koppel nie. Lees Dit net soos Dit is, en sê: “Dis hoe Dit is.”

10 En dan het ek altyd opgelet, as jy net sal neem wat Hy gesê het, sal dit alles net presies reg laat inpas by die Skrif. Dis omtrent soos om ’n legkaart te bou, jy moet na die patroon kyk om die legkaart reg te bou. As jy dit nie doen nie, het ek altyd gesê: “Sal jy hê ’n. . . In jou toneel, sal jy ’n koei hê wat gras bo in ’n boom vreet.” So—so dit sal net nie reg lyk nie.

11 En as ons net die Heilige Gees. . . Wie het die Bybel geskryf? Die Heilige Gees het oor mense beweeg en die Bybel geskryf. Dan sal jy Dit nooit sonder die Heilige Gees verstaan nie, maak nie saak hoe goed jy opgelei is nie. Want selfs Jesus het God gedank dat Hy Dit weggesteek het van die oë van die wyses en

verstandiges, en Dit sou openbaar aan kindertjies wat wil leer. En elkeen van die dissipels was min of meer ongeletterde en ongeleerde mense, behalwe een, en dit was Paulus. En Paulus het gesê hy moes alles vergeet wat hy ooit geweet het, om Christus te vind. So hy het vir die Korinthiese kerk gesê, hy: "het nie gekom met die wysheid van mense en groot woorde nie," want dan sou hulle—hulle geloof in die wysheid van die mens wees, maar hy het na hulle toe gekom in die krag en demonstrasie van die Heilige Gees, sodat hulle geloof sou berus op die werkinge van die Heilige Gees, volgens die Woord van God. En dis waarby ons so nougeset wil probeer bly, net nou, want voor die week verby is, of tyd dat die week verby is, sal julle sien, dis presies wat was, daardie klein draadjie wat al die pad afkom deur die tydperk.

12 Dankie dat julle die bord 'n bietjie hoër opgesit het. Dit lyk beter.

13 Nou, o, ons . . . Ek wens dat ons dit die heeltyd net winter gehad het, sodat ons net die hele Boek van Openbaring kan neem en net reg Daardeur kon gaan. Dis sulke pragtige lering daarin. En ek onthou, ek reken dit is twintig jaar gelede, of vyf-en-twintig, toe die kerk nog nuut was, het ons begin met . . . vroeg een herfs, en omtrent ver tot dit die volgende herfs was, om deur die Boek van Openbaring te gaan.

14 Nou, ek onthou dat ek die Boek van Job geneem het. O, Broer Wright! Ek het so lank daarop gebly, dat 'n vrou later geskryf en vir my gevra het, sy het gesê: "Broer Branham, gaan jy nooit vir Job van daardie ashoop afhaal nie?" Wel, ek het 'n punt probeer maak, want net daar is waar alles heen gelei het, na daardie plek; tot by die plek na waar die Gees van die Here daar oor hom gekom het, toe, toe die weerlig begin flits het en die donderweer brul, die Gees neergedaal het op die profeet en hy die koms van die Here gesien het. En ek wou dit tuisbring, dis waarom ek hom op die ashoop gehou het vir 'n lang tyd, sodat—sodat ons die punt kon maak. En ek weet dit mag 'n bietjie vermoeiend raak, bietjie. Ek raak ook senuweeagtig, wanneer ek iemand hoor rondspeel oor iets, lyk asof hy sou voortgaan en dit tref. Maar miskien lei God daardie persoon vir 'n doel daarvoor.

15 Nou terug na hierdie oorblyfsel, voor ons die vraag verlaat. Ek hoop ek maak dit duidelik. Hierdie . . . Ek glo regtig dat die oorblysel deur God gekies is. Ek—ek glo dit, dat God die oorblysel gekies het voor die grondlegging van die wêreld; en het deur Sy "voorkennis." Nie die woord . . . Nou hou die *voorbestem* dop, sien, want dis 'n stekelrige woord onder die mense. Sien? Maar God, voor die grondlegging van die wêreld, in Sy groot oneindige verstand, het die Kerk gekies, Jesus gekies, die Kerk gekies, en kon voorspel aan die begin wat dit aan die einde sou wees. Hy . . . As Hy oneindig is, is daar niks wat Hy nie geweet het nie. Hy het elke vlooi geken wat ooit op aarde sou

wees, en hoeveel keer dit sy oë sou knip. Nou, dis net hoe . . . en hoeveel vet dit sou voortbring, en hoeveel almal van hulle saam sou voortbring. Dis oneindig, dis oneindigheid; jy—jy . . . net geen manier om Dit te verduidelik nie. En God, dis wat Hy is, 'n oneindige God.

16 So, as julle oplet, die Bybel het gesê dat in die laaste dae, dat die antichris wat op die aarde sou kom . . .

17 Nou luister goed! Dis die enigste fout . . . Ek reken hy kon miljoene in myne vind. Maar met ons kosbare Broer Billy Graham, nou die dag, daardie merkbare preek wat hy verlede Sondag gepreek het, ek het beslis gedink dit was 'n tydige boodskap. En . . . maar hy het gesê dat "Satan selfs die Uitverkorenes mislei."

18 Nee, die Bybel het gesê: "Hy sou die Uitverkorenes mislei *as* dit moontlik was." Maar dit is nie moontlik nie, want God het hulle gekies voor die grondlegging van die wêreld. Sien? Die Lam . . . Jesus Christus was die Lam geslag vanaf die grondlegging van die wêreld. Wanneer God selfs in Sy gedagte plaas, wanneer Hy daardie Woord spreek, kan Dit nooit verander nie, kan Dit nooit wysig nie. Sien, omdat Hy—Hy—Hy oneindig is, en Sy Woorde sal plaasvind.

19 Dink net, die einste . . . die aarde waarop ons vanaand sit, is die Woord van God wat gemanifesteer is. Die wêreld is omraam deur dinge wat nie gesien kan word nie. Hy het net gesê: "Laat daar wees," en dit was. Hoe maklik is dit dan vir daardie God om 'n siek liggaam te genees, as Hy 'n skepping kan bou deur dit net te spreek. Sien, Sy Woord. As ons net geloof kan kry om te sien wat Sy Woord is! Ons is so aardsgebonde en so saamgeflans in ons verstand dat ons . . . O, ek weet nie. Ons het soveel indoktrinasies gehad, 'n inspuiting van hierdie een, en 'n inspuiting van daardie een, en—en dit het net 'n punt bereik waar sy heeltemal verdraaid is. Maar as jy ooit die hele ding kon losskud, terugkom na die wete dat Hy God is, en Sy Woorde net so min kan faal as wat Hy kan faal. En as daardie Woord faal, dan faal God; en as God daar faal . . . is Hy nie God nie. Sien? So . . . En onthou julle, Hy kan nie een ding *hier* sê en iets anders *hier* oorkant nie; Hy moet bly by Sy eerste besluit om God te wees. So, ons het ne- . . .

20 En Hy het net een ding van ons gevra, om te glo dat wat Hy gesê het die Waarheid is, en Hy sal dit laat gebeur. O, hoe pragtig! Julle het verwag dat iets spontaans sou gebeur; partykeer verg dit net 'n klein bietjie geloof. Dit sal nie 'n wonderwerk laat gebeur nie, maar as jy daaraan vashou, sal dit jou uitbring; bly net reguit daarby. Soos Hy gesê: "Die saad van 'n mosterd, die kleinste van al die sade." Maar het julle ooit opgelet, mosterd sal met niks meng nie. Jy kan nie mosterd met enigiets kruis nie, dit sal nie kruis nie. En as jy geloof het, net 'n klein bietjie geloof wat nie sal kruis met enige ongeloof of enige kerklikheid of leerstellinge

nie, net reguit by God bly, bly net reg Daarby, Dit sal jou reg uit die mistigheid uitbring, jou reguit uitneem. Ja! Bly net by daardie geloof.

21 Nou, die begin, toe God. . . Die Bybel het gesê, in Openbaring, dat "Die antichris, in die laaste dae. . . " Nou kyk na al hierdie kerke wat almal bymekaar kom. "Die antichris, in die laaste dae, sou almal mislei wat op die aarde was, wie se name nie geskryf is in die Lam se Boek van die Lewe vanaf die grondlegging van die wêreld nie." Wanneer is jou naam geplaas op die Boek van die Lewe? Voordat ons ooit 'n wêreld gehad het, is jy gekies om die Heilige Gees in hierdie tydperk te ontvang.

22 Ek het aangesluit by Eddie Perronet:

> Ek het my siel geanker in die hawe van rus,
> Om nie meer die wilde seë van twyfel te bevaar nie;
> Die storm kan waai oor die wilde, stormagtige dieptes;
> Maar in Jesus is ons veilig vir altyd.

23 Daar is niks wat ons kan skei nie. God kan nie. . . gaan nie terug op Sy Woord nie. En as Hy oneindig is, en gee jou die Heilige Gees *hier*, in die wete dat Hy jou *hier* onder gaan verloor, watter soort besigheid bestuur Hy? As jy nie mislei is in jou ondervinding nie, as jy die Heilige Gees het. Maar kyk wat sê die Bybel, Efésiërs 4:30: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur jy verseël is tot. . . " Die volgende herlewing? Klink dit reg? "Jy is verseël tot die dag van jou verlossing!" Hoe lank? Tot jou verlossing.

24 Jy neem 'n treintrok, jy laai dit op die spoor, en wanneer dit klaar gelaai is. . . Nou, hulle kan nog nie daardie trok toemaak nie, die inspekteur moet verbykom. En hy ondersoek, en kyk of enigiets los is wat sal skud. Die trok mag wees. . . Die treintrok mag volgelaai wees, maar as dit los plekke daarin het, moet jy dit weer oorpak. En dis wat die probleem is, dat baie van ons nie die Heilige Gees kry nie; wanneer die inspekteur verbykom, vind Hy baie los plekke, julle sien, so Hy sal dit nog nie verseël nie.

25 Groot teoloog het na my toe gekom nou die dag, of nie nou die dag nie, dit was drie of vier jaar gelede, en hy het gesê: "Ek wil vir jou iets vra." Gesê: "Abraham het God geglo, en dit was hom tot geregtigheid gereken."

Ek het gesê: "Dit is waar, reg."

Gesê: "Wat kan 'n mens meer doen as om te glo?"

Ek het gesê: "Dis al wat hy kon doen."

26 Hy het gesê: "Waarheen gaan jy dan met hierdie Heilige Gees goed buiten dit?" Nou, julle weet hy was 'n Baptis. En hy het gesê—hy het gesê: "Waarheen gaan jy met hierdie Heilige Gees?"

Gesê: "As die man glo! Die oomblik dat jy glo, het jy die Heilige Gees ontvang."

Ek het gesê: "Nee, nee. Nou, jy—jy maak 'n teenstrydigheid in die Skrifte, die Skrifte weerspreek nie Hulleself nie. Sien? Paulus het hulle gevra: 'Het julle die Heilige Gees ontvang *sedert* julle geglo het?"

En hy het gesê: "Wel . . . "

27 Ek het gesê: "Dis waar dat Abraham, die vader van die geloof, gegee het . . . hy het die belofte van God gehad en God geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken, maar Hy het vir hom die seël van die besnydenis gegee, as 'n teken dat Hy sy geloof ontvang het."

28 Nou, as Hy jou nog nooit met die Heilige Gees verseël het nie, het Hy nog nooit jou geloof in Hom ontvang nie, jy het 'n paar los plekke. Sien? Jy mag glo, ja, maar daar is baie los plekke. Maar wanneer jy al daardie los plekke reggepak kry, dan seël Hy jou met die Heilige Gees tot die dag van jou verlossing. Dis God se bevestiging dat Hy die geloof ontvang het wat jy in Hom bely het.

29 Abraham het geloof bely, en God het gesê: "Ek sal jou nou 'n teken gee dat jy . . . dat Ek jou ontvang het." En Hy het vir hom 'n teken van die besnydenis gegee.

30 Nou, wanneer jy Christus as persoonlike Verlosser ontvang en aan Hom glo en Hom vra om jou lewe skoon te maak, en dan wanneer Hy terugkom met die Heilige Gees en vir jou die teken van die Heilige Gees gee, dan is jy verseël tot jou verlossing.

31 Hierdie treintrok hier, as dit los is . . . Na dit alles opgepak is en hulle maak daardie deur toe en sit 'n seël daarop, en dis—dis verseël tot by sy bestemming. Die spoorwegmaatskappye sal jou lewenslank tronk toe stuur as jy daardie seël sou breek. Hulle kan nie gebreek word nie. Dis verseël tot by sy bestemming; nie vir enigiemand langs die spoor om dit oop te trek en daarin te kyk, en dit te ondersoek en dit deur te kyk, en 'n paar dinge uit te gooi, nog 'n paar goed in te sit nie. Nee, nee!

32 *Hierdie* kerk sê, wel, daardie leerstelling: "*Hierdie* is nie reg nie, *daardie* is nie reg nie." Wanneer God jou die Heilige Gees gee, is dit afgehandel! Jy weet waar jy staan, jy weet wat gebeur het, en jy is verseël die heelpad tot die dag van jou verlossing, jou bestemming van hierdie aardse bestemming. O, goeiste! Dit behoort enigiemand net geloof te laat hê en God te glo, net te laat opstaan in die krag van die Heilige Gees.

33 Nou, hierdie maagde wat nie die Heilige Gees ontvang het nie, (Onthou julle?) die enigste ding wat hulle kortgekom het, was olie in hulle lampe. Is dit reg? Die Bybel het gesê die *olie* simboliseer die "Heilige Gees," dis hoekom ons die siekes salf met olie, ensovoorts, want dis 'n teken van die Heilige Gees. Nou, en dan, as—as die Heilige Gees nie oor hulle gekom het nie, het

hulle Dit nie gehad nie. En toe, toe Hy gekom het, het hulle gesê . . . Nou, die maagde wat wel die olie gehad het, het gesê . . .

34 Julle sien, hulle was destyds in die kerktydperk; daar was sommige van hulle daarin wat goeie mense was, maar hulle was nie in die Sterlig, wat ek bedoel, met die pit gedoop in die olie nie. Sien, en dit was uit. Dit het uitgedoof, hulle het hulleself geskei. Paulus het gesê, in sy dag: "Hulle het hulleself geskei van ons, skynbaar sonder die geloof." Sien, en het weggegaan van hulle: "Hulle het van ons uitgegaan, want hulle was nie van ons nie." Nou, dit het begin in daardie vroeë Éfesiese tydperk en kom verder af in hierdie tydperk in vandag. Dieselfde ding, elkeen van daardie tydperke, wat in hulle gebeur het, het oorvleuel in hierdie tydperke in hier onder. Ons gaan diep daarop ingaan oor 'n rukkie.

35 Nou, let op dat hierdie maagd, egter, sy het ingegaan waar daar geween, gekerm, en gekners van tande was.

36 Laat my dit sê, my kosbare geliefde vriend; want gewoonlik by die kerk hier, wanneer ek hiernatoe kom, kom ek net hiernatoe en hou 'n genesingsdiens en bid vir die siekes, en buite oor die land iewers. Maar hierdie is die tyd, wat ek julle vir 'n lang tyd vertel het, sit julle gewete in julle sak. Nou wil ons—wil ons kom en eerlik wees en opreg met mekaar, want ons is by die laaste dag. Ja!

37 Nou, daar's waar julle kosbare Nasaréners en Pelgrim Heiligheid onder heiligmaking gefaal het. Sien? Nou, het julle geweet dat Judas Iskáriot geleef en tot reg by daardie selfde plek? Judas het geglo aan die Here Jesus as Verlosser, Hom aanvaar as Verlosser. En hy is ook heilig gemaak. Hy is heilig gemaak, in Johannes 17:17, toe Jesus gesê het: "Vader, heilig hulle deur die Waarheid, U Woord is die Waarheid." En Hy was die Woord. Goed!

38 In Matthéüs 10, is hulle krag gegee om die siekes te genees, die dooies op te rig, duiwels uit te dryf. En hulle het uitgegaan in al die dele van die—van die land en duiwels uitgedryf, en verheug teruggekom en geskree en God geloof. En Jesus het vir hulle gesê: "Moenie bly wees dat die duiwels onderdanig is aan julle nie, maar wees bly dat julle name op die Boek van die Lewe is." Is dit reg? En Judas was saam met hulle, Judas was saam met hulle, maar dit was 'n jaar en ses maande voor Jesus ooit gekruisig is.

39 Nou toe, toe dit by Pinkster gekom het, vir Judas om die Heilige Gees te ontvang ensovoorts, het hy sy kleur gewys. Hy—hy het Jesus ontken, en het 'n verraaier van Hom geword. En dis net presies waar daardie gees gekom het; reg op deur Luther, Wesley, daardie kerk opgebring tot by heiligmaking met die maagdelike lewe (suiwer, skoon, heilig, mooi, beste mense wat jy ooit ontmoet het), maar wanneer dit kom by . . . wanneer hulle in tale begin praat en die Heilige Gees ontvang, dan sê

die Nasaréners, Pelgrim Heiligheid, Vrye Metodiste: "Dis die duiwel." En net daar is waar jy die Heilige Gees laster en jouself vir ewig uitsluit: "Want wie ook al 'n woord teen die Seun van die mens sal spreek, sal vergewe word, maar wie ook al teen die Heilige Gees spreek, sal nooit vergewe word nie."

40 Onthou, al die dissipels het in tale gepraat. Jesus Christus het aan die kruis gesterf, aan die praat in tale. Uh-huh. So, as jy hulle nie hier kan hanteer, met hulle kan vriendelik wees hier nie, wat van daar oorkant? Vir hulle . . . As hierdie duiwels is, was hulle ook. So julle sien daar waar dit sy kleur gewys het? Daar kom daardie maagd, skoon soos die res van hulle, suiwer lewe. Ek sal die outydse Nasareense, Pelgrim Heiligheidskerke neem, wat regtig in heiligmaking geglo het, jy kan nie 'n vinger op hulle lewens lê nie; so skoon as wat hulle kan wees. Dis 'n goeie ding dat ons almal so sou lewe. Dis reg, jy moet.

41 Nou, ons weet ons het baie oorkant in Pinkster wat nabootsers is. Dis waar. Maar net solank jy 'n vals dollar sien, weet jy dis gemaak vanaf 'n goeie een, regte een. Dis reg. En daar's—daar's 'n werklike Heilige Gees, 'n werklike Een wat in tale praat en tekens en wonders toon, en dit was van Pinkster af aan. So ons moet die nabootsers hê. Ons moet 'n bose vrou hê wat nikswerd is, om 'n ware vrou te laat skyn. Ons moet 'n nagtyd hê, swart duisternis, om te wys die sonlig is wonderlik. Dis reg. En jy moet siek wees, om goeie gesondheid te geniet. En dis 'n wet van voor en teen; en dit—en dit was altyd, en sal altyd wees, solank as wat tyd is.

Nou, so, dis waar die kerk ditself opbeweeg het.

42 Nou, het Jesus nie gesê dat "In die laaste dag," in Mattheüs 24: "dat die twee geeste so na aan mekaar sou wees, dat dit die einste Uitverkorenes sou mislei, indien dit moontlik was" nie? Uh-huh. Maar hy wat vanaf die grondlegging van die aarde af gekies is, het Ewige Lewe. Ewige Lewe, jy kan nie ontslae raak Daarvan nie. Dis Ewig soos God is, jy kan net so min ophou bestaan as wat God kan ophou bestaan. Dis reg. Want jy is 'n deel van God, jy's 'n seun en dogter van God, jou lewe is verander en jy is 'n deel van God, jy het Ewige Lewe. O, ek het Hom lief. Het julle nie?

43 Nou, iemand het my 'n nota hier gegee, net 'n vragie. Ons sal nie nou te veel tyd neem om dit te beantwoord nie. En onthou, elke keer wat julle 'n vragie neersit, sal ek my bes probeer om dit te kry as ek kan. Maar hierdie was 'n belangrike vraag:

Een wou weet of dit verkeerd is vir vroue om te getuig, of om te sing, of boodskappe in tale te gee, boodskappe uit te lê, of 'n profesie, in die kerk.

44 Nee, dit is nie verkeerd nie, dis 'n . . . solank dit in die plek in orde kom. Sien? Die kerk is in orde, en net wanneer . . . Die werklike, ware manier om dit te doen, is vir dié wat in tale

praat en dinge, hulle boodskappe gegee word voor die boodskap van die preekstoel af, nooit gedurende daardie tyd nie; want die Heilige Gees beweeg net vanaf een plek op ’n keer, soos Paulus van gepraat het daar. Maar vroue is begaaf met profesie, en begaaf met tale en uitlegte, en alles, behalwe om predikers te wees. Hulle moenie predikers wees nie. Hulle is verbied om in die kerke te preek, dis reg, die plek te neem, of ’n leraar te wees of enigiets in die kerk. Maar sover dit gawes betref, het die vroue al daardie, kan een of enige van daardie nege geestelike gawes vul, volgens Een Korinthiërs 12, en is onder geen beperking dat haar boodskap nie kan voortkom in sy plek nie. Julle sien, elke boodskap wag vir sy tyd.

45 As daar een is wat in tale praat, daar geen uitlêer is nie, laat hom swyg totdat daar ’n uitlêer is. Sien? En hierdie boodskappe word gewoonlik gegee net voor die diens. Dan die profeet . . . of die prediker, wat ’n Nuwe Testament profeet is, ’n prediker, wanneer hy uitkom, begin God deur hom beweeg, sien. Dan, wanneer hy klaar is, dan begin boodskappe, ’n ander; dan, net voor. Dis altyd in orde, altyd. Maar ’n vrou het wel die reg.

46 Die volgende, wil ek net graag, net ’n tydjie neem on hierdie te antwoord, ek gaan die hoofopskrif lees:

> DRIE GELOWE VERTALING VAN EEN BYBEL BEGIN. Washington, die 15de Oktober. Katoliek, Protestant en Joodse geleerdes wat as ’n span saamwerk, het ’n nuwe gesamentlike vetaling van die Skrifte begin, wat miskien die langverwagte kanoniseerde Bybel kan wees.

47 Nog ’n paar dinge hierin wat ek ’n bietjie wil bestudeer voor ek die aankondiging daarvan maak. Met ander woorde, julle sien net presies waarvan ons praat, net presies wat die Skrif sê, wat sal plaasvind in hierdie dae, dat hierdie dinge bymekaar sal kom en ’n beeld vir die dier sal vorm. Presies. Hulle het dit probeer, en werk daaraan, en nou het hulle die beste geleentheid wat hulle ooit gehad het, om dit voor te stel, want dis net reg in hulle hande. En dis presies hoekom ek hierdie profetiese boodskappe bring, omdat ek dink dis tydig.

48 En as daar enigiemand is wat kan terugkom elke aand, ons sal vroeg probeer begin en vroeg verdaag. En as ek nie die onderwerp voltooi nie, dan sal ek die volgende oggend aankondig. As ons nie klaarmaak met die voorstelling van 19, die 9de vers tot die 20ste vanaand nie, sal ons in die oggend om tienuur begin. Ons sal julle laat weet aan die einde van die diens, hoe ons vorder.

49 En dan môre-aand oor die kerk van Éfese, begin, deurlopend deur die sewe aande: Éfese, die Éfesiese Kerktydperk; en die Smirna; en Pérgamos; en Thiatíre; en Sardis; en Filadelfia; en Loadicéa, volgende Sondag.

50 En in die wete dat hierdie groot juwele langs die pad lê, is dit so moeilik om my hande van hulle af te hou tot die tyd. Net om hulle daar onder te sien, en die Gees voel voed onder die mense, wil dit my net sommer vinnig laat inspring en—en iets van hulle sê; maar moet net terughou en hulle in hulle tydperk plaas en op hulle tyd. So, as julle nie in die aand kan kom nie, kry beslis die bandopname of een of ander manier wat julle Dit kan kry, want ek wil hê dit moet oral heen gaan. En ek het dit gedoen omdat ek gelei voel deur die Heilige Gees om so te maak; dis al hoekom ek dit doen. En ek, as ek nie gedink het dit sou die kerk help nie . . . En in hierdie dag, onthou, die uur sal gou aanbreek waar ons nie hierdie dienste kan hê nie, en jy moet dit nou doen terwyl ons tyd het om dit te doen. Sien, ons weet nie watter tyd hulle nou hierdie sal stop nie.

51 En so, daar sal 'n vereniging onder die kerke wees en hulle sal hulleself verenig, die hoof van die konfederasie van kerke vorm, wat julle alreeds 'n groot V.N. gebou het en elke denominasie is daarin. En julle sal óf aan een van daardie denominasies moet behoort óf uitgeskop word. En dis die tyd waar ons ons kleure moet wys en seker wees dat ons weet, nie 'n raaiwerk nie, maar SO SPREEK DIE HERE, weet waar jy staan. Die klein Kerkie was altyd in die minderheid, dis 'n baie klein groepie wat . . . 'n draadjie, soos 'n—'n rooi draad wat deur die Bybel vee, maar dis altyd die Kerk. En ons wil dit onthou.

52 Nou net 'n opmerkinkie voor ons weer lees. Vanmôre het ons die Oppergodheid van die Openbaring van Jesus Christus geneem, wie God Hom vanoggend aan ons geopenbaar het, as die Oppergodheid: die Groot EK IS (nie Ek *was* of *sal wees* nie), EK IS, altyd. En ons let op in hierdie 1ste hoofstuk van Openbaring, van die Openbaring . . . Waarvan is die openbaring? Jesus Christus. As wat is die eerste ding wat Hy Homself hier openbaar? Die God van die Hemel. Nie 'n drie-enige god nie, maar 'n een God. Een God, en Hy openbaar Homself op daardie manier in die eerste van die Openbaring. En spreek dit vier keer in die 1ste hoofstuk, sodat daar nie 'n fout kan wees nie. Die eerste ding wat julle moet weet, dat: Hy is nie 'n profeet nie, Hy is nie 'n—'n junior god nie, Hy's nie 'n sekondêre god nie, Hy is God! Hy is God. En so, daarom het die Openbaring uitgekom, en ons sal steeds voortgaan Daarmee vanaand, verder aan soos ons Sy sewevoudige personasie van Sy wese kry.

53 En, o, mag God ons help terwyl ons hierdie Woorde onderrig. Ek—ek—ek het dit bestudeer vanuit die geskiedkundige standpunt, maar wag totdat ek hier op die preekstoel kom vir die inspirasie. Want ek voel dat ons bymekaar sit in hemelse plekke in Christus Jesus, en dat julle Gees, julle deel, die Vuurtong (die Heilige Gees) wat op julle is, na 'n ander toe kom, en 'n ander en 'n ander, Dit steek die groot Liggaam van Christus aan en steek Dit aan die brand, en daar's waar openbarings . . .

54 Nou, die ding waarvan ons praat, hierdie vraag is vir my gevra: "Behoort vroue . . . ensovoorts?" Dis presies wat die kerk in sy choas laat ingaan het aan die begin, hulle het al die gewydheid uit die gehoor geneem en dit in die preekstoel geplaas. Maar God is die God van die gehoor. Hy werk in elke menslike wese, Hy lewe in elke hart waarin Hy kan inkom. Hy vind daardie begaafde mense en werk deur hulle. Nou, as die duiwel hulle nie kan vang op een ding nie, dan kom hy soontoe en maak net 'n groot sameflansing van niks en jaag die mense weg. Soos Paulus gesê het: "Wanneer julle vergader, as julle almal in tale praat, en die ongeleerde kom in, sal hy nie sê: 'Julle is mal! Dwaas!' nie? Iemand wat in tale praat en *hierdie* en *daardie* buite orde, en alles, dit sal nie werk nie. Maar," het hy gesê: "dan as een profeteer en die verborgenheid van die hart openbaar, dan sal hulle sê: 'God is waarlik met julle.'" Maar as een in tale praat deur 'n openbaring en die uitleg daarvan gee, iets om die kerk te stig, dan word die hele kerk daardeur gestig. Iets wat sal spreek en God wat in tale spreek waarvan ons niks weet nie en dit vir een sal gee en dit uitlê deur 'n ander een, en 'n sekere ding sê wat net presies gebeur soos dit gesê is, dan het julle die Gees van die Here onder julle. En, o, kom ons streef daarna, vriende; kom ons—kom ons hou daardie vuur aan die brand.

55 Nou, net voor ons die . . . hierdie groot kanonisering van Skrif oopmaak, wonder ek of dit te veel sou wees as ons net kon opstaan en ons postuur verander net vir 'n paar minute terwyl ons bid.

56 Die Almagtige God, wat weer die Here Jesus uit die dood uitgebring het en Hom aan ons voorgestel het (na negentienhonderd jaar) as die onfeilbare God van die Hemel, ons dank U hiervoor en vir Sy Teenwoordigheid met ons dag vir dag in ons daaglikse wandel. En ons is so bly om te weet dat in hierdie uur van verwarring, wanneer die wêreld nie weet wat om te doen nie, hulle grawe gate in die grond, en hulle verskans hulleself in beton, maar, O God, hulle kan nie wegkruip van die toorn van God nie. Daar's net een—een oplossing, Here, en ons is so bly ons het Dit aanvaar: "Wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek by jou verbygaan." O, hoe bly is ons vir daardie algenoegsame beskerming vanaand van die Bloed van die Lam van God, die Hoëpriester, wat in Heerlikheid staan vanaand, om voorspraak te maak volgens ons belydenis. Ons is so bly om Hom by ons te hê vanaand, die groot Spreker, die groot Heilige Gees, die groot salwing-gewer, die groot Lewe-gewer.

57 En nou, Here God, soos ek hierdie mense bymekaar geroep het hier, onder hierdie dak vanaand, en ons hier vergader het as die kerk, of 'n gedeelte daarvan, vergader ons nie in die naam van hierdie tabernakel of in die naam van enige indiwidu nie, maar in die Naam van Jesus Christus. Laat die Gees, wat Sy liggaam en Sy verstand oorheers het, en Hom beheer het, in ons inkom

vanaand en die Woord uitlê en die Woord preek, en Dit vir ons honger harte gee soos ons op Hom wag. Want ons vra dit in Sy Naam en tot Sy eer. Amen. (Mag maar sit.)

58 Nou aan julle wat julle Bybels het, blaai na hoofstuk 1 van Openbaring en begin vanaf die 9de vers; julle potlode en papiere, en ek sal probeer om julle 'n datumpies ensovoorts te gee soos ons voortgaan.

59 Nou, hierdie is eintlik. . .Vanmôre was meer van die preektipe, wat die fondament geplaas het op die Godheid, van die Openbaring; God wat geopenbaar is in Christus. Hoeveel glo Dit? God is geopenbaar in Christus, Jehova geopenbaar in Christus. Nou waar moet God geopenbaar word? In Sy Kerk, by Sy mense, in ons. Dieselfde Gees, dieselfde werke, dieselfde manifestasie, dieselfde liefde, dieselfde vergifnis, dieselfde lankmoedigheid, sagmoedigheid, geduld, vrede, barmhartigheid, alles wat in Christus was, is in die Kerk. Onthou, hou dit in gedagte: alles wat God was, het Hy in Christus ingestort (Hy was die volheid van die Godheid liggaamlik), en alles wat Christus was, het Hy in die Kerk ingestort. God bokant ons, God met ons, God in ons. Die drie-eenheid van God, God gemanifesteer op drie verskillende maniere: Vader, Seun, Heilige Gees.

60 Die Openbaring het gewys dat Hy nie drie gode is nie, Hy is ook nie opgekap in drie stukke nie. Maar Hy's een God wat God was in die dae van die Vaderskap, Hy was God in die dae van die Seunskap, Hy's God in die dae van die bedeling van die Heilige Gees, dieselfde God. Nie drie verskillendes nie, nie drie persone nie, nie drie persoonlikhede nie. Hy's een Persoon, een persoonlikheid. Jy kan nie 'n persoonlikheid wees, sonder om 'n persoon te wees nie. Party mense het gesê: "Hy's nie drie persone nie, maar Hy's drie persoonlikhede." Jy kan dit nie skei nie; want as Hy 'n persoonlikheid is, is Hy 'n persoon; moet 'n persoon wees om 'n persoonlikheid te maak. So Hy is een Persoon, een persoonlikheid; dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid; Alfa, Oméga; Hy wat was, wat is, en sal kom. O, Hy's net ALLES. Ek is lief daarvoor.

61 Hou Sy geaardheid dop, Sy lewe, Sy werke. Dit behoort reg hier in hierdie tabernakel gemanifesteer te word, net soos dit in Sy dag was. (Sê dit nie met vooroordeel nie; God weet dit.) Nie net hier nie, maar regoor die wêreld. Ek's bly dat dit is. Dan weet ons waar ons staan, omdat ons dieselfde Gees in ons het, wat saam met ons beweeg en wys dat Hy hier is. Dis nie ons nie, dis Hy; ons kan nie daardie dinge doen nie, dis God. Behalwe dit, in hierdie wetenskaplike wêreld, het Hy toegelaat dat Sy foto geneem word. Met ons, in ons, om ons, deur ons, wat binne en buite ons werk. O, hoe wonderlik!

62 Hulle het altyd 'n liedjie gesing:

EK IS wat met Moses gepraat het, in 'n brandende bos van vuur,
EK IS die God van Abraham, die Helder Môrester.
EK IS die Roos van Saron; o, waar sê jy kom Ek vandaan?
Ken jy My Vader, of kan jy Sy Naam selfs noem?

O, wie sê jy wie's Ek, of waarvandaan sê jy kom Ek?
Ken jy My Vader, of kan jy Sy Naam selfs noem?
EK IS Alfa, Oméga, die begin vanaf die end,
EK IS die hele skepping, en Jesus is die Naam.

63 O, hoe wonderlik, die Openbaring! Nou, onthou, jy kan Dit nie kry deur teoloë nie, Dit kom nie op daardie manier nie. Dit sal net kom as 'n openbaring. Waterdoop, die Naam van Jesus Christus te gebruik, kan net as 'n openbaring gegee word. Jesus en God wat dieselfde Persoon is, kan net kom as 'n openbaring. Die hele Bybel is gebou op openbaring. Die hele Kerk is gebou op openbaring. Matthéüs 17 sê: "Want Ek het gesê: 'Op hierdie rots (die geestelike openbaring) sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk kan Dit nie oorweldig nie.'" Ons daag enigiemand uit om ons te wys, enige plek, geskiedenis of Skrif, waar daar ooit enige persone gedoop is in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees" buite die Katolieke kerk tot Martin Luther se dag. Toe die Protestante kerk, dit was . . .

64 En elke bose . . . Luister, soos ons in die kerktydperke ingaan. Elke boosheid wat in daardie eerste kerk was, het oorvleuel in die volgende een in. Het net bly voortgaan totdat dit uiteindelik eindig in totale afvalligheid in die laaste dag. Elke boosheid hou net aan oorvleuel in elke kerk, elke ismetjie wat begin het. Soos in Génesis, die rank, het begin groei, dit het sy pad deur die kerk geweef en kom uit in die laaste dae. Geen wonder die Bybel het gesê: "Geseënd is hulle wat in daardie dag ontsnap" nie. Ja, meneer, wat al hierdie dinge ontsnap.

65 Nou vra vir God om . . . terwyl ons praat oor Openbaring, vra vir Hom om vir jou 'n openbaring Hiervan te gee. Want Dit kan net deur openbaring bekendgemaak word, en jy kan net deur openbaring gered word. Jy het 'n kennis Daarvan, intellektueel, maar jy kan nie gered word, totdat Dit aan jou geopenbaar word nie. "Niemand kan Jesus die Christus noem, behalwe deur die Heilige Gees nie." Dis wat die Bybel sê. Niemand kan sê Jesus is die Christus totdat hy die Heilige Gees ontvang het nie. Hy mag sê: "Die pastoor sê so, die Bybel sê so." Daardie is waarhede. "Die kerk sê so." Dit is waar. Maar jy weet nie self totdat die Heilige Gees Dit aan *jou* geopenbaar het, en Hy in *jou* geword het nie. "Niemand kan Jesus die Christus noem, behalwe deur die Heilige Gees nie." Nie deur kennis nie, nie deur intellek nie.

66 Hoe gaan hulle 'n Bybel maak wat. . . Probeer Dit druk, Dit Jode laat pas, Katolieke, en Protestante, wanneer hulle so verskillend is soos dag is van nag. Gedink die Jode weet beter as dit; ek reken dis miskien net die uur wat dit moet kom, waar dit alles moet gaan in hierdie groot afvalligheid in. So, en alle dinge onthou net, ons kan dit nie stop nie, maar al wat ons kan doen, is om die Lig daarbuite te gooi, onsself miskien gee as 'n martelaar en wegstap, so dis die enigste manier wat ons dit kan doen. Maar baie sal dit moet doen. En so, dis hoe die Bybel opgestel is en die dinge waarop ons ingaan. As ek nie dophou nie, sal ek daarop ingaan.

67 Nou, eerste ding van die Boek van Openbaring, dit begin dat Dit die Openbaring van Jesus Christus is, wie Hy is. Nou, Jesus Christus is God Almagtig. Ons weet dit. Hoeveel glo dit? sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen!"—Red.] Hy's God Almagtig, en Hy het een Naam. Daardie Naam is die enigste naam gegee onder die Hemel waardeur jy gered moet word, Jesus Christus. "Waarom is hulle bang Daarvoor by die bad?" is wat ek nie kan wonder nie. Uh-huh. Sien? Dis omdat daardie gees ingekruip het daar ver terug in die Smirna Tydperk; en ditself reguit verder deur afgeweef het in daardie groot donkereeu in, en 'n doktrine gemaak het, en reguit uitgekom het daarmee in hierdie laaste dag. Nou, hou net die geskiedenis dop en die Bybel soos ons deur hierdie week gaan, hoe dit—hoe dit daardie dinge uitbring.

68 Nou die volgende ding. Dit is deur Christus aan Johannes gegee, deur 'n engel, om gegee te word aan Sy (wat?) kerke, om Dit aan Sy kerke te openbaar. En die sewe sterre in Sy hand was die sewe boodskappers van die sewe kerke. En elke man wat ooit 'n Boodskap sal hê, sal dit hê, dieselfde ware Boodskap wat begin het in die begin.

69 En meer, wanneer ons afgaan in daardie diep plekke daar, om te sien hoe God hierdie dinge inbeweeg het, dis wonderlik. Dit sal julle net laat uitroep. Ek het, deur dit te lees, en dan 'n rukkie rondloop en huil, terugloop en weer gaan sit, dan 'n rukkie rondloop. Ek is net so bly om te weet: Hoe was God ons ooit so genadig om ons daardie ding te laat sien in die uur waarin ons lewe? Wel, dis soos Jesus gesê het: "'n Man het alles verkoop wat hy gehad het om 'n sekere diamant te koop." Jy verkoop uit aan die wêreld, die dinge van die wêreld, en alles wat betrekking het op enigiets anders, om Hierdie te hê. Dis reg, plaas jou hele anker reg Daarop. Dis die anker van die siel om Sy openbaring van Sy Woord te sien.

70 Nou, wie Dit ook al lees, is geseënd. Is dit reg? En ons het vanmôre gesê, as jy nie kan lees nie, wie ook al hoor dat Dit gelees word, is geseënd. Nou, Dit begin met 'n seën vir hulle wat selfs sal sit en luister Daarna wat gelees word, en is 'n vloek op enigeen wat sal probeer om enigiets Daarby te voeg of enigiets Daaruit weg te neem. Dan, as die Bybel duidelik openbaar dat Jesus God

Almagtig is, wee hom dan wat dit sal wegneem daaruit. Ja. Dis ’n openbaring. Wie ook al enigiets sal byvoeg. . . Dis die volledige kanonisering van—van Openbaring; dis God se laaste Boek, Sy laaste Woorde, Sy la-. . . En enige openbaring wat teenstrydig Daarmee kom, is van ’n valse profesie; dit is nie God nie, want hierdie is Waarheid.

71 En, onthou, hierdie is die enigste boek in die Bybel wat Christus Self goedgekeur het. Dink daaraan! Die enigste boek, is die openbaring van Homself. Die enigste boek waarop Hy Sy seël geplaas het, en Sy seën en Sy vloek geplaas het. Seën aan hulle wat Dit sal ontvang, die vloek vir diegene wat Dit nie sal ontvang nie.

72 Nou—nou kom ons by die eiland van Patmos nou om te begin, die 9de vers. Eerste plek, wil ons sê dis. . . Die titel hiervan is: *Die Patmos Visioen*. Dit het plaasgevind in nC., tussen 95 nC. en 96. Die plek was op die eiland van Patmos. Sy ligging is dertig myl van die kus van Klein Asië, wes, oorkant die Éfesiese kerk, in die Egeïese See, begrens deur die Middellandse See. Dis die posisie waar dit is.

73 Dink! Nou, ’n klein eilandjie wat dertig myl van die kus van Klein Asië af is, in die Egeïese See. Net oorkant die kerk van Filadel-. . . of die kerk van die Éfese, waar die eerste Boodskap gegee is, waar Johannes die pastoor was op daardie tyd. Met ander woorde, reguit teruggekyk na die ooste en hy het net reguit gekyk na sy kerk, van waar hy was. En die eerste Boodskap was aan sy kerk, wat ’n kerktydperk verteenwoordig het. Goed, die visioen is gegee aan Johannes die geestelike, wat die pastoor van die kerk van Éfese was op daardie tyd.

74 Watter toestand was hierdie eiland dan? Waar was dit, en watter toestand? Goed, dit is bekend in die geskiedenis as ’n rotsagtige eiland vol slange, skerpioene, akkedisse, ensovoorts. Dis dertig myl in omtrek, en vol rotse. Dit is gebruik, in die dae van Johannes, as ’n Alcatraz. ’n Plek waarheen die Romeinse keiser se ryk misdadigers heen verban het, baie groot misdadigers, wat hulle hulle nie in die tronk kon hou ensovoorts nie, hulle sou hulle daarbuite op daardie eiland sit om dood te gaan; hulle daar laat bly tot hulle dood was.

75 Vraag: Die rede waarom Johannes daar was? ’n Godvresende man, ’n regverdige man, ’n man van goeie reputasie, goeie karakter, nooit in die moeilikheid nie, waarom was hierdie man daar? Die Bybel het gesê: “Vir die Woord van God en die getuienis van Jesus Christus.”

76 Nou het ons die agtergrond. Die eiland van Patmos, in die Egeïese See, dertig myl van die kus, ongeveer dertig myl in omtrek, rotsagtig, vol akkedisse en skerpioene ensovoorts, en gebruik as ’n tronk (soos Alcatraz is). Hulle kry ’n gevangene

wat hulle nie hier in die tronk kan hou nie, hulle. . .so, so 'n verskriklike misdadiger, hulle sit hom buite op Alcatraz.

77 En nou het hulle hierdie heilige Johannes die geestelike, geneem. . .die laaste van die dissipels, en die enigste een wat 'n natuurlike dood gesterf het. Johannes is, voor sy vertrek na die eiland, beskuldig daarvan dat hy 'n "heks" was, en is gekook in 'n vat vet vir vier-en-twintig uur, sonder om hom te brand. Jy kan nie die Heilige Gees uit 'n persoon kook nie, . . .?. . .God Self. Hom vier-en-twintig uur gekook in 'n vat vet, sonder enige skade. En gesê, die rede wat die—die Romeine gegee het, dat: "Hy 'n heks was, en het die vet getoor." Waaraan die vleeslike verstand nie kan dink nie! Nou, julle sien, wanneer hulle ons "gedagtelesers, en fortuinvertellers, en Beëlsebub noem," sien julle waar daardie ou gees vandaan kom? Maar sien julle waar die ware Gees vandaan kom? Dis die kerktydperke. Sien? Vier-en-twintig uur, gekook in 'n warm, borrelende vet, en hom nooit eers geraak nie. O, hoe God hom in Hom beskerm het met Sy Heilige Gees. Sy werk was nog nie klaar nie.

78 Hulle het hom op die eiland gesit vir twee jaar. En terwyl God hom daarbuite alleen gehad het, het hy die Boek van Openbaring geskryf soos die engel van die Here dit aan hom geopenbaar het. En toe, sodra dit verby was, het hy teruggekom na die vasteland en die kerk in Éfese as pastoor bedien. En het gesterf en is begrawe in Éfese, Johannes die geestelike.

79 O, wat 'n agtergrond nou! Goed, die kerk dan onder Johannes, of onder groot vervolging, Johannes skryf die 9de vers:

> *Ek, Johannes, julle broeder*. . .in verdrukki-. . .*en deelgenoot in die* verdrukkings *en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die Woord van God en om die getuienis van Jesus Christus.*

80 Met ander woorde, hy het die Woord van God geneem en het Dit bewys, dat Dit die Woord van God was, en Christus het teruggekom deur hom en het getuig dat hy reg was. Daar het julle dit. God se Woord wat gemanifesteer was in hom, wat bewys het dat hy God se dienaar was. Toe kon hulle Dit nie ontken nie, so hulle moes hom sê dat hy 'n "heks" was. "Hy het die vet getoor en dit wou hom nie skaad nie, en hy het die mense getoor en hulle is nie genees nie, en hy was 'n fortuinverteller wat nie kon. . .Een of ander slegte persoon, 'n bose ge-. . .'n vuil gees." En dis hoekom hulle hom daarbuite geplaas het, gedink hy was gevaarlik om onder die gemeenskap te wees. Maar hy het net die wil van God uitgevoer, en God het 'n doel gehad onder al daardie omstandighede.

81 Hy kon hom nie gebruik, en al die vervolgings en dinge nie, want die heiliges het gekom: "O, Broer Johannes, wat sal ons *hieraan* doen? En wat sal ons doen?"

82 Johannes was 'n profeet, ons weet dit. En so het hulle hierdie vrae gevra, so God het net die Romeinse ryk hom laat optel en hom daarbuite op die eiland laat plaas. En gesê: "Nou, komaan, Johannes, Ek wil vir jou iets wys wat gaan gebeur." Die laaste van die apostels, daar was nie meer om Dit te skryf behalwe Johannes nie. So hulle het hom buite op die eiland van Patmos geplaas vanaf 95 nC. tot 96 nC. En hy het Dit geskryf, en gesê:

> *Ek . . . julle broeder en deelgenoot in die verdrukking . . .*

83 Nou, hy het nie gepraat van die Groot Verdrukking nie. Dit was nie die Groot Verdrukking nie, en kom nie na die Kerk nie. Die Groot Verdrukking kom na die Jood, nie na die Kerk nie. So dit was nie die Verdrukking, Groot Verdrukking nie.

84 Nou die 10de vers:

> *Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my . . . stem gehoor, . . . van 'n basuin.*
>
> *Ek was in die Gees op die dag van die Here, . . .*

85 Nou, jy kan nie iets goeds doen as jy nie eers in die Gees kom nie; God kan jou nie gebruik nie. Jy—jy's—jy's—jy's . . . Al jou pogings is—is tervergeefs totdat jy dit in die Gees doen. "As ek sing, sal ek sing in die Gees. As ek bid," het Paulus gesê: "sal ek in die Gees bid." En dan, as daar enigiets na my toe kom, wat enigsins goed is, moet dit aan my geopenbaar word deur die Gees en bevestig deur die Woord (gemanifesteer word deur die resultate wat dit lewer).

86 Nou soos, ander woorde, as ek sê, Jesus Christus het belowe in Sy Woord, dat as ek sou bekeer, gedoop sou word in die Naam van Jesus Christus, sal ek die gawe van die Heilige Gees ontvang. Die eerste ding wat ek moet doen, is om te bekeer. Dis geopenbaar aan my dat dit waar is. Dan gedoop word in die Naam van Jesus Christus, dan is die resultate: Ek sal die Heilge Gees ontvang.

87 As ek siek is, en Hy het my belowe as ek sou glo en die ouderlinge van die kerk kry om my te salf met olie, oor my te bid, sal die gebed van geloof die sieke red. "Here, ek glo. Ek volg U instruksies, laat 'n ouderling oor my bid, my salf met olie." Dit handel dit af, gaan net voort, dis alles—dis alles verby.

88 "O," sê jy, jy "voel nie enige verskil, egter nie." Jesus was nie gebore, toe God Hom voor die grondlegging van die wêreld geslag het, toe Hy was—Hy die Lam van God was, geslag voor die grondlegging van die wêreld nie. Maar in God se Eie gedagte, was Hy alreeds gedoen. Ek was ook nie toe hier nie, jy was ook nie; maar in God se Boek, as ons name ooit daarop was, is dit opgesit voor die grondlegging van die wêreld.

89 Wanneer God enigiets sê, moet Dit plaasvind. So, wanneer jy God se vereistes nakom, onthou net, God sal Homself manifesteer en sorg vir die res daarvan, gaan jy net voort,

dis 'n voltooide werk. O, is dit nie wonderlik nie? O, goeiste, dink! Sê net vir God. . .En God het gesê: "Doen jy *hierdie*, en Ek sal *daardie* doen." Wel, as ek *hierdie* gaan doen, moet Hy *daardie* doen.

90 Nou, sê die duiwel: "Sien, Hy vertraag."

Dit maak geen verskil nie. Daniël het eenkeer gebid en dit was een-en-twintig dae voor die Engel ooit by hom uitgekom het, maar hy was nie moedeloos nie, hy het geweet Hy sal in elk geval kom, so hy het net gewag tot Hy daar gekom het. Dis die idee. O, dis wanneer jy geloof kry. Nou ons moet afkom daarvan, ons sou sommer gou 'n genesingsdiens hê, sou ons nie? Dis reg. Ja, van geloof. Maar ons wil 'n siele genesingsdiens hê, om die binneste te genees, want dis wat gaan hou, julle Ewige Lewe kry. Ewige Lewe verdwyn of word nie oud nie, dit bly, bly dieselfde.

91 Nou, hy het in die Gees gekom voordat enigiets plaasgevind het. Die eerste ding wat hy gedoen het, hy was op die eiland genaamd Patmos (al hierdie dinge wat hy gedoen het), en hy het gesê: "Ek het 'n stem gehoor," en al hierdie ander dinge. Maar voordat enigiets plaasgevind het, was hy in die Gees. En as julle sal oplet in julle Bybel, groot Hoofletter Gees, Heilige Gees. Amen! Hy het in die Gees gekom. O, ek dink net dis wonderlik:

Ek was in die Gees op die dag van die Here, . . .

92 Op watter dag? Die Here se dag. Nou, daar's 'n groot bespreking. Laat ons dit net stilmaak, net vir 'n oomblik.

93 Nou, soos ons vanmôre gesê het, party het gesê dat die openbaring, van Matthéüs 17, "Petrus" was. Die Katolieke kerk het gesê: "Hy het Sy Kerk gebou op Petrus; hy was die eerste pous." Hoe kon hy 'n pous wees en getroud wees? Sien? En gesê: "Petrus het na Rome toe gegaan, is daar oorkant begrawe." Sê my dan van een plek, geskiedenis of enige plek, dat Petrus ooit na Rome toe gegaan het. Sien? Paulus het, maar nie Petrus nie. Goed.

94 So ons vind uit dat al hierdie ismes en dinge, net opgekruip het. Sien? Maar, en die mense vandag is. . .oral waarnatoe jy gaan, hulle. . .Een of ander groot kerk het 'n spyker wat in Sy hand was. Weet julle hoeveel spykers het hulle, egte spykers, vandag wat was in. . .? Negentien. Hulle het bene, hulle het—hulle het stukke kleed, en voel en hanteer. En ons het nie—het nie daardie goed nie, ons het dit nie nodig nie. Christus is lewendig! Hy's in ons, nie een of ander spyker, of stuk kruis, of stuk been, of iets nie. Hy's die lewende God, wat nou in ons woon, wat Homself manifesteer. Ons het net een artikel van 'n herdenking, dis die Here se Nagmaal, herdenking van Sy dood. Maar wat Christus Self betref, Hy is met ons en in ons. En dis die ding wat ons wil wuif (die heerlikheid van die Heilige Gees) vir die wêreld. Wuif Dit totdat die Lig uitgaan. Goed.

95 Nou, die . . . So, julle sien, ons het die ander kant van die pad geneem. Julle weet ek het dit altyd probeer wees, en ons Here het dit altyd aan my geopenbaar; daar's een uiterste, en nog 'n uiterste, maar reg in die middel van die pad lê die Waarheid. Het julle opgelet na Jesaja, waar Hy gesê het daar sal 'n hoofweg wees? Jesaja 35. En julle onthou hoe ons dierbare Nasareense broers altyd daardie lied gesing het, julle weet: "*Die Hoofweg van Heiligheid. Hoofweg van Heiligheid.*" Nou as julle die Bybel reg sal lees, dit sê nie "die hoofweg van heiligheid nie." Dit het gesê: "Daar sal 'n hoofweg en *'n weg* wees, en dit sal genoem word," nie die hoofweg van heiligheid nie, maar "*die weg* van heiligheid." *En* is 'n voegwoord wat jou sin voltooi. Sien? "Dit sal 'n hoofweg *en* 'n weg wees, en dit sal *die weg* van heiligheid genoem word," nie die hoofweg van heiligheid nie.

96 Sien, 'n pad word gebou, *'n weg* . . . 'n Goeie pad word gebou, die hoogste deel is in die middel, want dit laat al die gemors afspoel na albei kante. Dis reg. Wanneer 'n man regtig na Christus toe kom, het hy sy oë gevestig op Christus. As hy 'n bietjie emosioneel is, sal hy 'n fanatikus wees. As 'n bietjie koud is, sal hy net na hierdie ander kant toe gaan en net 'n komkommer wees, oorkant aan daardie kant; sien, sy intellektuele. Maar die hoofsaak is reg in die middel van die pad, met genoeg Gees in jou, jou warm en aan die beweeg te hou. Amen! En genoeg te weet om jouself onder gehoorsaamheid aan die Gees te hou, om te beweeg net soos die Gees beweeg; nie voor of nie na nie, net soos die Gees beweeg.

97 Die Katolieke kerk het gesê: "Die openbaring was Petrus."

Die Protestante kerk het gesê: "Dit was Christus."

Maar die Bybel leer: "Dit was die Openbaring wat Hy gegee het (God hom gegee het) van Christus."

"U is die Christus, die Seun van die lewende God."

"Geseënd is jy Simon, seun van Jona, vlees en bloed het hierdie nie aan jou geopenbaar nie, geen mens, kweekskool, of 'n klooster, enigiets, het Dit vir jou geleer nie. Maar My Vader, wat in die Hemel is, het dit aan jou geopenbaar. Jy is Petrus, op hierdie rots sal Ek My kerk bou, en die poorte van die doderyk kan Dit nie oorweldig nie."

98 Nou kom ons by 'n ander plek hier waar hulle twee verskillende idees kry. Nou, ek mag verkeerd wees; as ek is, God vergewe my. Maar ek gaan verskil van die Sewende Dag Adventiste wat sê dat: "Dit was die sewende dag waarin hy was, die dag van die Here." Die Sewende Dag Adventiste broers, en baie van hulle, maak aanspraak dat dit die sabbatdag was wat hy die dag van die Here genoem het. Die Christenkerk noem dit, die dag van die Here: "Die—die Sondag, die eerste dag." En ons let op baiekeer dat—dat die Christenkerk steeds, vandag, die Protestante mense, daarna verwys as "Die dag van die Here,

Sondag." Dit is nie skriftuurlik nie. Sondag was die eerste dag van die week in die Bybel, nie die dag van die Here nie. En dit was ook nie die sewende dag, sabbat nie. Dit sou onmoontlik wees dat dit enigeen van daardie dae kon wees, want dit het Johannes twee jaar geneem om die Openbaring te skryf. Watter dag was dit? Daar sou baie van daardie sewende dae en eerste dae verbygegaan het.

99 Die Bybel, die Openbaring is geskryf vanaf 95 nC tot 96, twee jaar. Dit was die dag van die Here. Die Here se dag is presies wat dit gesê het, en dis wat dit was. Johannes is gedra deur die Gees oorkant in die dag van Here in. Hierdie is die dag van die mens, maar die dag van die Here sal kom. Verder aan deur die Skrifte sal ons vind dat hy in die dag van die Here was, opgeneem in die Gees en oorgeneem na die dag van die Here. Amen! Dis reg. Sien, hy was in die dag van die Here. Die Bybel praat van die dag van die Here. Ons sal daarop ingaan binnekort, die vele Skrifte.

100 Die eerste ding, die sabbatdag, terwyl ons daarvan gepraat het, die sabbatdag is nie die onderhou van 'n sekere dag nie. Ons het geen gebod om Saterdag as 'n sabbat te onderhou nie. Ons het geen gebod om die eerste dag as 'n sabbat te onderhou, in die Nuwe Testament nie. Die Bybel het gesê, in Hebreërs die 4de hoofstuk: "As Jesus vir hulle rus gegee het, sou Hy nie daarná van 'n ander dag spreek nie." Dis reg. Maar daar bly 'n rus, of 'n sabbat-onderhouding, vir die volk van God. Want ons wat geglo het, het ook in Sy rus ingegaan; ons rus van ons werke soos God het van Syne.

101 Kyk! O! Prys die Here. Ek begin net so goed voel, ek hardloop myself vooruit.

102 Let op, in die sabbatdag. God het die aarde in ses dae gemaak, en die sewende dag het Hy in 'n rus ingegaan en nie weer teruggekeer om nog enige wêrelde te bou nie. Toe het Hy dit aan die mense gegee as 'n gedenkteken. Omdat jy dit nie nou kon onderhou nie, want as jy die sabbat hier onderhou, dan is die ander kant van die wêreld weer Sondag. Sien? So dit wys dit was vir 'n volk, 'n plek en tyd vir Israel. Maar dan bly daar 'n sabbat-onderhouding vir die volk van God.

> *Want ons wat geglo . . . gaan* Sy *rus in, . . . alhoewel Sy werk . . .* (Ek haal Hebreërs aan, die 4de hoofstuk*) . . . alhoewel Sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring* was.
>
> *Want Hy het êrens . . . die sewende dag . . . so gespreek . . .*
>
> *En Hy* het *weer 'n sekere dag bepaal, deur Dawid gespreek, . . .* (julle wat dit neerskryf, Hebreërs 4)
>
> *Bepaal Hy weer 'n sekere dag, as Hy deur Dawid spreek: Vandag, na so 'n lang tyd; soos* gehoor *is,*

Wanneer julle *hoor*. . . of *gesê is: Wanneer julle Sy stem hoor, verhard julle h*art *nie.*

Want as Jesus aan hulle rus (dag). . . *gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie.*

Daar bly. . . *'n rus* (of sabbat-onderhouding). . .

103 Die woord "rus." *Sabbat* is 'n vreemde woord vir ons, wat "rus" beteken. Dis 'n Hebreeuse woord wat 'n "rus" dag beteken, 'n sabbatdag; moenie werk nie, rus.

Want as Jesus aan hulle rus sou *gegee het*. . . *sou Hy nie*. . . *van 'n ander dag gepraat het nie.*

Daar bly. . . *'n rus (*of sabbat-onderhouding) *vir die volk van God.*

Want ons wat *in Sy rus ingegaan het, rus* ons *ook*. . . *van* ons *werke soos God* het *van Syne.*

104 Ons gaan nooit terug daarna op die volgende dag van die week en begin weer daarmee nie, ons het in 'n Rus ingegaan. Jesus wat gepraat het oor die saligsprekinge, het Hy gesê: "Julle het hulle in die ou tye hoor sê: 'Jy mag nie doodslaan nie.' Ek sê vir julle, wie ook al kwaad is vir sy broer sonder 'n oorsaak, het alreeds doodgemaak. Julle het hulle hoor sê, hulle in die ou tye: 'Jy mag nie owerspel pleeg nie.' Dis die gebod. Maar Ek sê vir julle, wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel gepleeg met haar in sy hart." Is dit reg?

105 So, al hierdie dinge was gedenktekens, net tekens, wonders, wat gewag het vir die regte tyd om te kom. Nou, toe Jesus klaar was daarmee, Matthéüs 11, (die saligsprekinge), het Hy gesê:

Kom na My toe, almal van julle wat swaar kry, moeg is, *en belas is, en Ek sal vir julle rus* vir julle siele gee.

Neem My juk op My *en leer van My; want Ek is sagmoedig en nederig*. . . (is dit reg?)

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas. . ., *en Ek sal julle rus* vir julle siel gee. ("As julle een dag gewerk het, tien dae, vyf jaar, vyf-en-dertig jaar, vyftig jaar, negentig jaar, en julle is moeg en vermoeid, kom na My toe, Ek sal julle Rus gee. Ek sal daardie hele las van sonde van julle afhaal, en in julle ingaan, en julle volmaakte rus en bevrediging gee.")

106 Nou, wat is daardie rus? Kom—kom ons besleg dit net 'n bietjie, kyk wat dit is. Party van hulle het gesê: "Wel, jy gaan by die kerk aansluit." Nee! "Jy sit jou naam op die boek." Nee! "Wel, 'n sekere soort waterdoop." Nee! Kom ons besleg dit net en kyk wat dit is. Sal julle dit wil doen net hier terwyl ons wag? Ons sal sien waarnatoe Johannes gegaan het. Na watter soort dag het hy oorgegaan?

107 Toe Jesus gesterf het op aarde, en Sy werk voltooi was, het Hy êrens ingegaan.

108 Nou, kom ons gaan terug na Jesaja die 28ste hoofstuk, en die 8ste vers. Ek glo dit is, nou, Jesaja 28:8. En kom ons lees, Jesaja 28, die profeet wat praat, sewehonderd-en-twaalf jaar voordat dit gebeur het. Nou, hoeveel wil graag weet wat die ware *sabbat* is, die ware rus is? Hier is dit. Nou, hier is waar die profeet dit gespreek het, en ek sal julle wys waar dit plaasgevind het. Kyk, Jesaja 28:8:

> *Want al* . . . (die profeet wat van hierdie dae profeteer)
>
> *Want al die tafels is vol walglike uitbraaksel*, (mense wat nagmaal neem, wat rook en drink en lieg en steel) . . . sodat daar geen *skoon* plek is nie.
>
> *Vir wie sal Hy dan kennis leer?* . . .

Vir wie kan jy vandag kennis leer?

109 Hoeveel het vir Billy Graham gehoor vandag? Dit was 'n wonderlike preek waaroor hy gepreek het, hoedat mense 'n leuen kan glo en net voortgaan in daardie leuen en—en selfs hulleself regverdig en dink dat hulle gedoen het wat reg was. Die Amerikaanse publiek wat neem, het hy gesê, en sê: "'n Wyse man se filter, en die man wat rook se sigarette," een van die duiwel se leuens neem, en in plaas van om hom 'n dwaas te maak, wat hy ook al is, om so 'n ding te rook en probeer om hom 'n wyse man te maak. Hy's 'n dwaas om dit selfs te rook, wanneer die . . . wanneer dit vol dood en kanker en al die res is, en steeds trek hy dit in sy longe in. Hy's 'n dwaas. Nie 'n—nie 'n—'n wyse man se filter nie, en daar is glad nie so-iets nie. 'n Wyse man gebruik nie daardie goed nie.

110 "Daar's geen lewe behalwe as dit in Oertels se 92 is nie," of so-iets soos daardie. Daar's geen Lewe buite Christus nie, dis die ware egte Lewe. Wat laat mans en vroue daardie goed drink? Omdat hulle probeer om daardie dors daarbinne te les wat God daar ingesit het om na Hom te dors, en hulle probeer dit les met die dinge van die wêreld. En dis hoekom ons daardie dinge het. Dis hoekom mense so optree, omdat hulle probeer om daardie dors te les wat in hulle is vir God, en die duiwel gee vir hulle dood in plaas van Lewe.

> . . . *al die tafels is vol walglike uitbraaksel* . . .

111 Die geestelikes, al die res, praat daarvan: "Dis in die haak om 'n bietjie skoon pret te hê." Daar's glad nie so-iets nie!

> *Vir wie wil Hy dan kennis leer, en vir wie wil Hy . . . openbaring verstaanbaar maak? Vir dié wat van die melk gespeen is, wat van die moederborste weggeneem is?* (Nou, ons is nie meer babas nie.)
>
> *Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie.*

Ja, Hy sal deur lippe wat hakkel, en deur 'n ander tonge *met hierdie volk spreek.*

Hy wat aan hulle gesê het: Dit is die. . .(wat? sabbat-onderhouding!). . . d*ie rus, gee rus aan die vermoeides*, . . .("Kom na My toe, almal van julle wat vermoeid en belas is.") . . . *gee rus aan die vermoeides; en dit is die verkwikking. Maar hulle wou nie luister nie.*

112 Wanneer het dit gebeur? Sewehonderd-en-twaalf jaar later, toe daar op die Pinksterdag lippe wat hakkel op die mense gesit het en hulle almal gevul is met die Heilige Gees en begin praat het in ander tale en, die Heilige Gees hulle lewens oorgeneem het, en opgehou het met hulle wêreldse dinge. Toe het hulle in 'n Rus ingegaan saam met Christus. Paulus het gesê, in Hebreërs, die 4de hoofstuk: "Ons wat in Sy rus ingegaan het, het opgehou met alle wêreldse werke soos God het op die dag van Sy skepping, Hy in Sy rus ingegaan het, en ons gaan in saam met Hom nadat ons aardse werke verby is." Daar's julle regte, ware Sabbat.

113 So is Paulus opgetel en het in die Gees van Sabbat ingegaan, en is deur die Heilige Gees oorgestuur die heelpad oor tot in die dag van Here.

114 Hoekom het ons oorloë? Hoekom het ons probleme? Hoekom is nasie teen nasie? Jesus het gekom, die Prins van die Lewe, en hulle het Hom doodgemaak.

115 Binne 'n paar weke, of selfs net nou, is daar rendiere en Sinterklase en—en veerklokkies en allerhande dinge wat ophang, wat 'n heidense seremonie is. Dis 'n artikel van die Katolieke kerk. Mense wat groot pryse betaal en geskenke uitruil en sulke dinge, heidens! Kersfees is 'n dag van aanbidding.

116 En terloops, Christus is ook nie gebore op die vyf-en-twintigste dag van Desember nie. Hy kon nie wees nie. As julle ooit in Judéa was, die heuwels is vol sneeu, erger as wat dit hier is. Gebore in April wanneer alle natuur uitspruit.

117 Nou, maar dis hulle tradisie. En waarom—waarom doen ons daardie dinge? Omdat ons die tradisies van die mens volg, in plaas van die gebooie van God. Daardie. . . Iets soos daardie sou nie saak maak nie, maar hulle maak net 'n kommersiële dag daaruit. Dis 'n oneer, dis 'n skande dat hulle sulke dinge soos daardie doen. 'n Heidendse seremonie! Wanneer het Sinterklaas ooit enigiets te doen gehad met Jesus? Wanneer het die Paashaas of 'n hoender of. . . ingekleur deur een of ander soort ink of iets, of een of ander klein wit hasie, ooit enigiets te doen gehad met die opstanding van Jesus Christus? Kan julle nie sien hoe die kommersiële wêreld. . . ?

118 Dis hoekom hulle hierdie ou ruk-en-rol boeke verkoop, en vuil foto's, en vulgêre, en sulke goed, is omdat die geaardheid van die mense na sulke onsin smag. Dis omdat daar iets verkeerd is in die hart, hulle het nog nooit in daardie Rus met God ingegaan

en opgehou met hierdie dinge nie. Wanneer hulle daarin kom en die Heilige Gees ontvang, dan is hulle klaar met die wêreld en die dinge van die wêreld.

119 God het hom oorgestuur. O, ek glo nie hy is soos Paulus nou, opgeneem in die derde hemel en het dinge gesien nie. Goed, die kosbare Heilige Gees het 'n paar weke gelede hier, my laat sien. . . Met ander woorde, ek was bang vir die dood, en die Heilige Gees het my oorgeneem en my gewys wat dit was. Julle het die getuienis gehoor. Toe, toe ek teruggekom het: "Dan, dood, waar is jou angel?" Oorgestuur om te sien wat net anderkant die gordyn was. Hy het my laat terugkom om julle te vertel dat daar oorkant geen spoke en geeste is nie, ons is mans en vroue, jonk, sterf nooit, raak nooit siek nie, net anderkant die sluier. Die dood kan niks meer aan jou doen as om jou net reg in daardie Plek in te trek nie.

120 Nou, Johannes is oorgestuur van die eiland van Patmos af, in die Gees, oor in die dag van die Here in. Hierdie is die dag van mense, mense veg, maar die dag van die Here sal kom, wanneer hierdie koninkryke die koninkryke van ons Here en van Sy Christus sal word, dan sal daar die groot Millennium wees. Die dag van die Here, die dag van Sy koms, Sy oordeel, dit sal die dag van die Here wees.

121 Hierdie is die dag van mense, dis hoekom hulle jou rondslaan en met jou maak wat hulle wil, maar daar sal 'n tyd wees. . . Noem jou. . . hulle noem jou nou: "holy-roller en fanatikus," maar daar sal 'n tyd kom, sien, dat hulle dit nie sal doen nie. Hulle sal skree en kerm en voor jou voete val. Die Bybel het gesê, in Maléagi 4, jy sal selfs uitstap op die as na hulle verbrand het; hulle nie wortel of tak laat nie. Dis presies wat die Bybel gesê het: "Die regverdiges sal op die as van die goddelose trap." Dis presies. Daar sal nie tak of wortel oorbly nie, niks om na toe terug te kom nie. En hulle sal daarmee heen wees. Nou hierdie is die mens se dag (mens se dade, mens se werke, mens se kerk, mens se idees), maar die dag van die Here kom.

122 Nou, hy was in die Gees op die dag van die Here. Goed, en die eerste ding wat hy gehoor het was in die Gees op die dag van die Here. . . Nou het ons die 10de vers:

> . . . *in die Gees op die dag van die Here, en* hy *het gehoor . . . 'n . . . stem, soos . . . 'n basuin*,

123 Laat ons nou nie by een gelykenis verbygaan nie. As ons dit môre moet neem, kan ons dit nou neem, sien. Hou iemand net die horlosie dop, dat dit nie te laat raak vir my nie.

124 Goed, nou: ". . . was in die Gees op die dag van die Here." Onthou nou, die eerste ding wat julle moet doen, is wat? Kom in die Gees. Hoe gaan hierdie openbarings ooit by julle uitkom? Kom in die Gees. Hoe gaan julle ooit die Heilige Gees ontvang? Kom in die Gees. Kom in die Gees!

125 Toe jy 'n sondaar was en jy het na 'n dans toe gegaan, het jy in *daardie* gees gekom. O, goeiste, jy het jou hande begin klap en jou voete gestamp, en gefuif, en jou hoed op die vloer gegooi, en om-en-om gegaan, verspot opgetree. Jy was in die gees daarvan. Kan jy jou 'n kêrel voorstel, wat 'n dansbesetene was, wat na 'n dans toe gaan, sê: "Wel, en julle het almal 'n lekker tyd, veronderstel ek."

"O!" sou hulle sê. "Jou muurblom, gaan hier uit!" Sien?

126 Gaan na die bofbalwedstryd toe, iemand slaan 'n boflopie, of so-iets, sit en kyk, en sê: "Wel, reken dis nogal goed." Nee, jy sal nie 'n bofbalbesetene wees nie, jy sou nie 'n ware . . . jy sou nie in die gees van bofbal wees nie. Wanneer iemand 'n boflopie slaan, staan jy op en skree: "Sjoe! Goeiste! Wen!" Slaan iemand se hoed van sy kop af soos *daardie*, niemand sê 'n woord daarvan nie.

127 Dan, in die kerk, wanneer jy in die Gees kom, staan op en skree: "Glorie! Halleluja! Prys die Here!"

Iemand draai om, sê: "Holy-roller." (O, Broer Wood . . .)

128 Ek gaan vir julle 'n vraag vra. As ons holy-rollers is, omdat ons dit doen, dan is hulle *unholy*-rollers daarbuite. Ek sal liewer 'n holy-roller wees, (Sou julle nie?) as 'n unholy. Goeiste! Sekerlik! Die unholy-rollers.

129 Nou, hy was in die Gees. Hy het in die Gees gekom, toe het dinge begin gebeur. En toe, toe hy daar ingekom het, het hy 'n basuin gehoor. Nou, 'n basuin kondig altyd die nadering van iets aan. Soos wanneer jy kom . . . 'n—'n Koning naderkom, sal hulle 'n basuin blaas. Wanneer Jesus naderkom, sal Hy 'n basuin blaas. Dit reg? Toe Josef uitgegaan het, het hulle 'n basuin geblaas. En nou kom iets vorentoe, Johannes het in die Gees gekom en hy het 'n basuin gehoor. Hy het 'n basuin gehoor, en hy het omgedraai om te kyk wat agter hom was, toe hy die basuin gehoor het; nadat hy in die Gees gekom het.

130 Miskien het hy gedans, gespring, oraloor die eiland gehardloop. Hy het 'n lekker tyd gehad, hy was in die Gees. So, en hy . . . Dit mag ontheiligend klink, maar ek bedoel dit nie so nie, sien. Hy kon! Dis . . . wel, hy mag dit gedoen het. Ek glo hy het 'n lekker tyd in die Gees gehad, net God geloof, want dis presies wat met hulle gebeur het toe die Gees by die eerste plek op hulle geval het. Toe die Heilige Gees op hulle geval het, het hulle gesteier soos dronk mans en vroue, en opgetree asof hulle dronk was, en gebabbel. En noe- . . . en aangegaan soos daardie totdat die mense gesê het: "Hierdie mense is vol nuwe wyn." Dis hoe hulle die eerste keer opgetree het, so toe die Gees weer opgekom het, het hy waarskynlik weer so opgetree. Sien? Daar's niks nuuts aan hierdie—hierdie ding nie, hierdie is 'n *outydse* godsdiens. Ja.

131 "In die Gees op die dag van die Here." Nou, ons hoor dit. Wat nou? Nou, wat het hy gedoen? Hy is verplaas van die eiland

af nou, in die Gees, oor na die dag van die Here. En sodra hy oorgegaan het in die dag van die Here, het hy 'n basuin gehoor. Wat is dit? Dis Iemand wat naderkom. 'n Grote kom nader. Basuin blaas, Iemand kom! Hy het gekyk! Halleluja! Basuin:

> *Wat sê: Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste,* . . . (nie aankondiging van die tweede party of die derde party nie, maar die enigste Party) . . . *Ek is* beide *Alfa en Oméga,* . . . ("Voor Ek vir julle enigiets wys, wil Ek vir julle laat weet wie Ek is!)

132 Die grootste van alle openbarings is die Godheid, die Oppergodheid van ons Here Jesus Christus. Jy kan nêrens kom as jy dit nie glo nie, uitstap . . . Dis wat Petrus gesê het: "Bekeer, en sien dan die Godheid. Word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en dan is julle gereed om in die Gees in te gaan." Die eerste ding wat jy moet weet is die Godheid van Christus. "Ek is Alfa en Oméga! Ek is van A tot Z, daar is niemand behalwe Ek nie. Ek was aan die begin, Ek sal aan die einde wees. Ek's Hy wat was, wat is, en sal kom, die Almagtige." Dink Daaraan! Dis wat die basuin gesê het.

133 Wees versigtig Johannes! Jy het in daardie Gees ingegaan, iets gaan aan jou geopenbaar word. Wat is dit? 'n Basuinklank, die eerste ding: "Ek's Alfa en Oméga." Die eerste van alle openbarings. (O, sondaar, buig, bekeer nou voor die tyd te laat is.) "Ek's Alfa en Oméga." Dis die eerste ding wat Hy hom laat weet het, wie Hy was. (Wie is hierdie wat naderkom? Is hierdie Koning Jesus? Koning God? Koning Heilige Gees?) Hy het gesê: "Ek is Dit alles! Ek's van A tot Z. Ek's die begin en die einde. Ek is die Onsterflike, Ewige Een!"

134 Net 'n rukkie later, hou ons Hom dop in Sy sewevoudige personasie, kyk wat Hy dan is. "Ek is die begin en die einde. Ek is Alfa en Oméga, die eerste en die laaste. Ek was voor daar 'n eerste was; en nadat daar geen laaste meer sal wees nie, sal Ek steeds daar wees," met ander woorde. "Die eerste en die laaste!"

> . . . *en skryf Wat jy sien in 'n boek en stuur* . . . *na die sewe gemeentes wat in Asië is, na Éfese,* . . . *Smirna,* . . . *Pérgamos,* . . . *Thiatíre,* . . . *Sardis,* . . . *Filadelfía, en* na *Loadicéa.*

135 Goed, die eerste van alle openbarings is die Oppergodheid van Jesus Christus. Jy moet weet wie Hy is wanneer jy die Stem hoor. Goed, dieselfde Stem wat uitbasuin het op Berg Sinai, dieselfde Stem wat uitbasuin het op die Berg van Verheerliking, dieselfde Een: "Een soos die Seun van die mens."

136 Nou hou dop in hierdie volgende vers. Goed:

> *Toe draai ek my om* . . . (Die 12de hoofstuk nou.)

137 Ons gaan hierdie kerke eers uitlos net vir 'n oomblik, want hierdie hele komende week oor hierdie kerke. Sien, so ons gaan net daar oorgaan.

138 Maar Hy het gesê: "Hierdie . . . Ek gaan jou beveel om hierdie Boodskap te stuur wat Ek jou gewys het." Wie is? "Ek is die eerste en die laaste. Ek is die Opperste. Ek's die Almagtige. En Ek het jou kom vertel dat Ek jou 'n Boodskap gee aan sewe kerke. Ek wil hê jy moet Dit skryf, Dit gereedmaak." Sien? "En die sewe kerke wat in Asië is." Nou, hulle was toe kerke daar, met dieselfde gesindhede in hulle wat hierdie kerktydperke, wat moes kom, verteenwoordig het.

139 Nou:

> *Toe draai ek my om, om te sien watter stem* tot *my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars.*

140 "Sewe goue kandelaars." Nou, dis die . . . Die Koning James weergawe, wat julle waarskynlik het, of 'n Scofield, of—of miskien 'n Thomson Chain, of sommige van hulle, dit is nie korrek daar nie. Dit sê nie kandelaars nie, dit sê lamphouers; lampstaanders, glo ek, is die regte, korrekte woord wat in die oorspronklike vertaling gesê word. Sien, met ander woorde, hierdie sewe goue kandelaars was sewe kerke. Hy sê 'n bietjie verder aan, die se- . . . in die 20ste vers hier: "Die sewe goue kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes." So, julle sien, as dit 'n kers was, sou dit gou verteer geword het en uitgebrand het, net binne 'n rukkie. Maar dit is nie kerse nie, dit is 'n—'n lampstaander. Dit gee dit as 'n lampstaander. "Toe ek omgedraai het, het ek een soos die Seun van die mens gesien tussen . . . tussen sewe lampstaanders."

141 Nou—nou kyk. Die kers sou gou uitbrand, dit sou uitdoof, daar sou niks meer daarvan wees nie, binne 'n paar uur sou dit wegbrand. Maar 'n lampstaander, 'n lampstaander is soos hierdie, . . .

142 Hier, kom ons—kom ons kry 'n Skrif hier, kom—kom ons kry Sagaría 4:1, dan kan ons miskien uit Sagaría daar kry wat ons wil hê. Sagaría 4:1, en ek glo dan sal ons miskien hierin in staat wees om—om dit wat ons wil hê, bymekaar te bring. Ek kan nie Sagaría in Sefánja kry nie, kan ek? Goed. Goed. My ou Bybel is omtrent opgebruik. Sagaría 4:1, luister nou goed, julle sal 'n pragtige prentjie hier kry:

> *En die engel . . .*

143 Die profeet, nou, net vyfhonderd-en-negentien jaar voor Christus:

> *En die engel wat met my gespreek het, het teruggekom en my gewek soos 'n man wat uit* 'n *slaap opgewek word.*
> (Nou is die profeet in 'n visioen.)

En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar 'n kandelaar. . . (Nou, nou dis dieselfde woord vertaal *lampstaander*.) . . . *heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor* . . . *hom,* (Dit was die lamp.) . . . *en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is.* (Sien, dieselfde kerktydperke wat opkom. Sien?)

En *ook twee olyfbome langs hom* . . . (Nou, watter soort van 'n . . . Wat het hulle gebrand in daardie lampe in die Bybelse tyd? Weet enigiemand? Olie. Watter soort olie? Olyfolie.) . . . *twee olyfbome* . . . (Wat is dit? Die Nuwe en die Ou Testament; is twee wat langs dit staan.) . . . *een aan die regterkant van die oliekan en een aan die linkerkant daarvan.*

En *daarop het ek begin spreek en aan die engel wat met my gespreek het, gesê: Wat beteken dit, my heer?*

En die engel wat met my gespreek het, antwoord en sê vir my: Weet jy dan nie wat dit—dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my heer?

En *toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die* HERE *aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees, sê die* HERE *van die leërskare.* (Hy sal Jerusalem herstel.)

144 Nou, wat is die kandelaar? Dit is 'n lampstaander. En let op hoe pragtig. Hier, toe hy omgedraai het, het hy hierdie Een soos die Seun van die mens hier sien staan tussen die sewe goue lampstaanders, wat beteken sewe kerktydperke wat sal kom. En elke pyp, of—of lampstaander, wat verbind is met die groot hoof-oliekan. En hierin het olie opgekom na 'n klein, vreemd gevormde lamp wat gesit het met 'n pit daarin, en die pit het afgehang in die olie. En solank . . . Hulle het olie bo in die staander ingegooi, wat die groot hoofstam volgemaak het, en die groot tak, en dit het afgeloop in die stamme in, soos hierdie. En die lamp met die pit wat afhang, hierdie—hierdie pyp in die . . . het aanhou brand, dag en nag. Jy het nooit nodig om dit aan die brand te steek nie, dit het nooit uitgedoof nie; hulle het net aanhou olie ingooi in die hoofpyp. En hierdie lampstaanders wat uitgekom het soos hierdie, het die lampe gehad wat bo-op hulle sit. Die pit van die lamp het afgeloop hierin, het sy lewe hieruit gekry. O, watter verskil is dit van die kers. Hoe verskillend! Dis 'n lampstaander, en dit trek olie op.

145 Nou, hierdie lampstaanders, die vuur wat op hierdie lampstaanders was, in die Ou Testament. Wanneer hulle een lamp aangesteek het, kon hulle nie die volgende lamp aansteek met dieselfde vuur wat hulle in hulle hand gehad het nie. Hulle het een lamp aangesteek, dit dan opgetel en die ander lamp aangesteek, dit dan neergesit. En hierdie lamp aangesteek, en

dan geneem en hierdie lamp aangesteek met dieselfde vuur waarmee hulle begin het aan die begin. O, ek hoop dit gaan nie oor julle kop nie. "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," dieselfde vuur (Heilige Gees) het elkeen van daardie kerke aangesteek reg af deur die eeue.

146 Het Jesus nie gesê in Johannes 15: "Ek is die wynstok, julle is die lote" nie? Nou, Hy is die Hoofwynstok, ons is die lote. Nou, die wynstok dra nie vrugte nie . . .

147 [Leë kol op band—Red.] . . . dat jy 'n sitrusboom kan neem, soos 'n lemoen, en jy kan 'n—'n tak neem vanaf—vanaf, wel, ek sou sê, 'n pomeloboom, en 'n klein plekkie inkeep in die lemoenboom en daardie pomeloboom daar insit, dit sal groei. Jy gaan hiernatoe en neem 'n suurlemoentak en sit dit in 'n lemoenboom, dit sal groei. Of neem 'n granaat, en neem dit. Of enige sitrusvrug, naartjie of tangelo, enige van daardie sitrusvrugte, en sit hulle in hierdie boom, en hulle sal gedy vanaf die lewe van daardie lemoenboom; maar dit sal nie lemoene dra nie. Dit sal pomelo's dra, dit sal tangelo's dra, dit sal suurlemoene dra, maar dit gedy vanaf die lewe van die ware wynstok, maar as daardie wynstok ooit weer nog 'n wynstok . . . nog 'n tak voortbring, sal dit dieselfde lewe wees wat daarin is, dit sal 'n lemoen dra. Want, aan die begin, in die wortel, is dit 'n lemoenboomlewe, maar ander kan daaruit lewe solank dit die aard van 'n sitrusvrug is. Maar dit kan nie die vrug van die oorspronklike dra nie, want dit is nie van die oorspronklike nie.

148 Dis hoe die kerk is. Hulle het die Wynstok ingekeep en Presbiteriaan ingeënt, Metodis, Baptis, ensovoorts soos daardie. Dit dra Baptisvrugte, Presbiteriaanvrugte, Metodisvrugte, maar as dit ooit . . . daardie boom ooit weer nog 'n wynstok voortbring, sal dit dieselfde soort wynstok wees wat Dit gebring het op die Pinksterdag: die oorspronklike Wynstok! Dit sal in tale praat en die krag en die tekens van die opgestaande Christus daarin hê. Hoekom? Want dit gedy vanaf die natuurlike bron waarin dit geplant is. Eintlik, is dit nie geplant daarin nie, dis gebore daarin! Prys die Here! O, goeiste! Het nie net toe aan daardie een gedink nie.

149 Sien, hierdie ander is ingeënt; hulle ent hulle in die boom in, so hulle dra hulle eie soort vrug. Hulle kan nie *Hierdie* verduur nie. Hulle glo nie *Daarin* nie, want hulle het nog nooit enigiets Daarvan geweet nie. Maar as hulle gebore is in daardie selfde Lewe wat uit daardie boom uitgekom het, is dit die enigste ding wat hulle kan dra, is die Lewe van die oorspronklike stam.

150 Hierdie lampstaanders pas almal in een yslike groot bak, een yslike groot houer, en nege verskillende . . . of sewe verskillende lamphouers wat daaruit kom. En toe hulle het, het elkeen van daardie ligte getrek uit die hoofbron van sy lewe. En sy lig was omdat dit sy kers gedoop gehad het onderin hierdie hoofvat. O,

wat 'n pragtige prentjie van een van daardie sewe sterre (dit het dit verteenwoordig) met sy lewe aan die brand met die Heilige Gees hier. En dit . . . Deur geloof brand hy met die Heilige Gees, en sy lewe is 'n kers, of nie 'n kers nie, maar 'n pit wat gedoop is in die Heilige Gees (in Christus), en deur daardie pit trek hy die Lewe van God uit, om Lig vir sy kerk te gee. O, wat 'n prentjie van 'n ware gelowige! Watter soort Lig gee hy? Dieselfde soort Lig wat was, toe die eerste kers aangesteek is.

151 Toe die eerste kerktydperk begin het, was dit Éfese. Paulus, die engel van daardie kerk, een van die sterre. Daar's sewe sterre wat sewe engele beteken, sewe "boodskappers." Hierdie week kan ek die Skrif neem en die geskiedenis, en vir julle bewys elkeen van daardie is waar in elke engel, en elke engel het dieselfde Lig gehad. Dis reg. En dan, reg tussen hierdie tydperke, daardie groot Een wat sal kom.

152 Let op, nou trek hulle uit hierdie hoofvat Olie, die Lig . . . die lewe is gedoop in Christus. Julle is dood, en julle lewe is verborge in Christus deur . . . of verborge in God deur Christus, en verseël deur die Heilige Gees. Daar's glad nie 'n manier om jou weg te kry daarvan nie. Hoe kan jy dit doen? Niemand kan met jou peuter nie. Die bokant van jou lewe brand met die Heilige Gees; o, brand, gee Lig. Waarin is die ander kant van jou lewe gedoop? In Christus. Jy is dood en verborge in Christus, die Heilige Gees, sluit dit af daar dat jy kan . . . die duiwel jou nie kan aanraak nie. Amen! Hy kan gons en 'n geraas maak. Selfs die dood self kan jou nie aanraak nie: "O dood, waar is jou angel? Waar is jou oorwinning? Dank God, wat vir ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus."

153 Die einde van hierdie vers, laat ons dit lees:

> . . . *En toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,*
>
> *En tussen die sewe* goue *kandelaars Een soos die Seun van die mens,* . . .

154 Goeiste! Het julle opgelet? Sterre, kandelaars, lampe. Wat beteken dit? Wat beteken hierdie? Dat die bedeling waarin ons lewe, nag is, kerse en ligte en sterre beteken nag. En wat doen 'n ster? Dit weerkaats die lig van die son, tot die son terugkeer. Geseënd sy die Naam van die Here! En 'n ware prediker van God weerkaats nie een of ander flitslig, een of ander vuurhoutjie, een of ander blaar wat brand nie; hy weerkaats die goue strale van Christus na die Kerk, dat: "Hy's dieselfde, Hy lewe, en Hy skyn op my." Amen! Dis die Lig wat hy weerkaats. Die ster weerkaats die lig van die son, sien, so ons weerkaats die Lig van die Seun van God. Deur dieselfde ding te doen wat Hy het, Lig te gee. Watter soort lig? Evangelielig vir hulle.

155 Nou kom ons hou Hom net 'n bietjie verder dop, soos ons die res van hierdie 13de vers neem:

En tussen (dis die middel) die goue *kandelaars Een soos . . . die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.*

156 Nou hier is nog bewyse dat hierdie doktrine reg is, dat dit die dag van die Here is. Het julle Hom opgelet? Hy was nie 'n priester gedurende hierdie tyd nie, Hy was ook nie 'n koning nie, Hy was 'n regter. Let op, 'n priester, 'n hoëpriester, wanneer hy in die heiligdom ingegaan het, of ingegaan het om te preek, te bedien, het hy homself om die middel gegord. Deur hierdie gordel om die middel vas te maak, het beteken dat hy bedien het; het dit nooit oor sy skouer vasgemaak nie. Maar hier kom Hy uit, wat uitstap met die gordel vasgemaak om die bokant, met 'n band oor Sy skouer; gegord om die bors, die bors, met 'n goue gordel, hoog op gegord. Wat is dit? 'n Prokureur, 'n regter. Die regter met sy band oor sy skouer, hierbo gegord, nie onder as 'n priester nie. Sien, dit wys Hy was nie nou in die priesterskap nie, Johannes het die heelpad oorgegaan in die dag van die Here in en Hom sien kom as die regter.

157 Glo julle Hy's 'n regter? Laat ons Johannes 5:22 lees, net vinnig, ons sal sien of Hy 'n regter is of nie. Johannes 5:22:

Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee:

158 Dit reg? Hy is die regter, die Opperregter. En Johannes wys dat Hy nie was in die dag van Sy profesie, as 'n profeet nie, Hy was ook nie ver uit in die dae van Sy koningskap nie, maar Hy was in die dag van die Here as 'n Regter. Nou, hoeveel weet dat die priester wat sy gordel gehad het, sy tou om sy middel beteken het hy was in diens? Enigiemand wat die Testamente lees, wat die Ou Testament ken, weet dit. Wanneer 'n priester hier rondom gegord is, is hy in diens, hy's 'n dienaar. Maar Hy was gegord hierbo, 'n regter.

159 Kom ons lees 'n bietjie verder:

. . . . . *goue gordel* . . . was . . . *om die bors* . . .

160 Dis reg, *hier*bo om, Hy was die Regter.

Nou gaan ons die sewevoudige heerlikheid van Sy Persoon lees. O, goeiste! Hierdie laat my uitroep voor ek daarby uitkom. [Leë kol op band—Red.] Let op! O, hierdie is so 'n wonderlike ding. Luister net:

En *Sy hoof* . . .

161 Kyk nou, Hy's sewe dinge, hier noem hy: Sy hoof, Sy hare, Sy oë, Sy voete, Sy stem, . . . Sewe dinge wat Hy genoem het hier, die sewevoudige heerlikheid van Jesus Christus. Laat ek Dit lees:

Sy hoof en Sy hare was wit soos wit wol, soos sneeu, . . .
S*y oë soos . . . 'n* vuurvlamme,

> . . . S*y voete soos . . . blink koper, wat gloei asof* dit gebrand is in die *oond, en Sy stem . . . die stem van baie waters.*
>
> *En* in . . . *En in Sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard* gaan *uit Sy mond, en Sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.*

162 Wat 'n visioen! Wat het hy hier gesien? Die verheerlikte Seun van God, en 'n simbool. Nou, laat ons—laat ons net gereed wees nou.

163 O, goeiste, ek het gedink dit was nege-uur, dis nou eers agtuur. Ek het nog nie begin nie. Goed. Dit is goed. Nou, jammer, hierdie broers wat staan, maak my senuweeagtig om hulle te sien staan, julle sien, want ek weet hulle bene raak seer. As ek net enige manier gehad het, broers, of enigiets wat ek kon doen, sou ek dit beslis doen. Nou, ek wil so graag hê julle moet hierdie kry. En bly 'n bietjie staan en God sal julle ryklik beloon, is my gebed.

164 Nou—nou let op, die eerste ding, nou ons let op, Sy hoof en Sy hare was wit soos wol. Sy hoof en Sy hare was wit soos wol. Nou, dit beteken nie dat Hy oud was, wat dit gedoen het nie. Dit was nie die rede daarvoor nie. Hy was nie oud om dit te doen nie. Hy was . . . Dit was as gevolg van Sy ondervinding en kwalifikasie en Sy wysheid. Want Hy is Ewig en Ewig kan nie oud word nie. Verstaan julle?

165 Kom ons blaai eers, en ons sal—ons sal Hom hierbuite voorstel as hierdie, en ons sal uitvind wat Hy is. Nou, kom ons blaai na Daniël 7:9, net vir 'n oomblik, jy sien dieselfde prentjie in Daniël waar Hy kom as . . . hier oorkant by die Oue van tyd. En omtrent almal, Bybelgeleerde, weet presies waarnatoe ons nou oppad is. Daniël 7, en die 9de vers; ek sal begin by die 8ste:

> En *terwyl ek op die* horing *ag gee, kom daar . . . ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor—daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was* daar *oë . . .* 'n *mensoë, en 'n mond wat groot dinge spreek.*
>
> En *ek het bly kyk totdat trone reggesit is . . .*

166 Luister nou. Luister goed, nou. Kan julle my goed hoor in die agterkant? Sê "Amen," as julle kan. Ek het my vrou gevra daaragter. Ek dink hierdie mikrofoon hier is . . . dis meer lewendig hier, is dit nie? Nou, ek dink ek skree te hard, in hierdie een.

167 Goed, nou Daniël 7:9:

> En *ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; Sy* klere *was wit soos sneeu en die hare van Sy hoof* was . . . *soos skoon wol; (Oue van dae.) Sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan* was *'n brandende vuur.*

En *'n stroom van vuur—vuur het gevloei en voor Hom uitgegaan;* duisende *maal duisende het Hom gedien, en tien . . . maal tienduisende het voor Hom gestaan;* en *die gereg het gaan sit en die boeke is geopen.*

168 "Wit hare!" Almal . . . enigiemand weet dis die ou regters in die ou dae. Soos Engelse regters altyd 'n sneeuwit pruik gedra het. Hoeveel onthou dit? Ou antieke regters het 'n wit pruik gedra, omdat hulle was . . . En hier is Hy, wat weer wys dat Johannes oorkant in die dag van die Here is, hy het Hom gesien as die regter. Amen! Nie as priester nie, nie as koning nie, nie as profeet nie, maar as regter. Die Vader (Dis Johannes 5:22) het die hele oordeel aan Hom gegee. En Hy is nou regter, kom om die nasies te oordeel. O vir daardie dag, wanneer julle Hom so sien! Sy hare was so wit soos sneeu, Daniël het Hom sien kom na die Oue van dae. Kyk hoe Hy hierdie twee laat saamsmelt. Goed:

. . . en die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen.

En *ek het toe bly kyk vanweë . . .* En *ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot—groot woorde wat die horing . . .* (Nee, ek het die verkeerde plek, het ek nie?)

169 Daniël 7:9, ja, hier is dit:

. . . en Sy wiele . . .

En *'n stroom van vuur het gevloei en het . . . voor Hom . . . gegaan;* en tiene van *duisende* het gekom en *Hom gedien, . . .*

En *toe het ek bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het;* en *ek het bly kyk totdat die dier gedood is en sy liggaam vernietig* was *en aan die verbranding van die—die* vure *oorgegee is.* (Uhm!)

Ook aan die ander diere is hulle heerskappy ontneem, (dis al die Heidenmagte en koninkryke sal val) *en verlenging van die lewe is aan hulle gegee tot op tyd en uur.*

En *ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met . . . wolke van die hemel . . . een* ingekom *soos die Seun van die mens . . .* (Hoe het ons Hom sien kom vanmôre, in die 3de vers? Kom in die wolke van die hemel, die Seun van die mens.*)* . . . wat inkom *met die wolke van die hemel, een soos die Seun van die mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nadergebring voor Hom.*

En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies . . . tale het Hom vereer, hierdie *heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en Sy koninkryk* sal . . . *Sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.*

170 Gekom na die Oue van dae, wie se hare wit was soos wol. En Johannes het omgedraai en hy het een gesien soos die Seun van die mens wat tussen die sewe goue kandelaars staan, met 'n sneeuwit hare, die Regter! Nie gegord om die middel nie, maar gegord om die bors, hierbo, 'n regter! Met die band van die regter oor Sy skouer, het Hy gestaan met 'n goue, suiwer, heilige, gelouterde, gordel wat Sy geregtigheid bevat het. Sy bedekking! Hy was bedek al die pad tot by die voete. Hou die sewevoudige manifestasie van Sy persoon en heerlikheid dop.

171 Nou, ek glo, die 14de vers:

> *Sy hare . . . Sy hoof en sy hare* was so *wit soos wit wol, so wit soos sneeu, en sy oë soos . . . 'n* vuurvlamme,

172 Hoof, hare; "oë was soos vuurvlamme." Dink daaraan! Daardie oë wat eers verdof was met menslike trane, het nou vuurvlamme geword. In toorn staan Hy nou daar as kwaai regter. Waarom het jy Hom verwerp? O, sondaar, dink hieraan! Dink daaraan, louwarm kerklidmaat! Dink daaraan, Katoliek, Baptis, Presbiteriaan, Pinkster! Dink daaraan, Katoliek! Jou maagd Maria moes opgaan na pinkster en die Heilige Gees ontvang en steier en optree soos 'n dronk vrou. Die einste moeder van Christus moes dit kry voor sy toegelaat is in die Hemel. Hoe gaan julle vroue daar kom met enigiets minder as daardie? Dink daaraan, mans, elkeen van julle!

173 Sy hare, en sy oë eenmaal verdof met menslike trane, tog wil ek hê julle moet iets oplet van daardie oë. Toe Hy nog op aarde was, was hulle dof met die trane soos 'n mens, want Hy het gehuil by die graf van Lásarus. Reg! Vol simpatie; Sy menslikheid. Hy is geklee, Hy was God, geklee in menslikheid, om sonde te kon wegneem. Maar tog, agter daardie menslikheid, het Hy iets agter Hom gehad wat reg in die hart van 'n mens kon afkyk en alles van hom af weet. Hoekom? Daar was iets agter Hom, tog was Hy geklee in sterflike vlees.

174 Maar hulle het nie geweet wie dit was nie. "As julle nie glo," het Hy gesê: "dat Ek Hy is nie, sal julle in julle sonde sterf." Dis reg. "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie; maar as Ek die werke van My Vader doen, glo dan die werke as julle My nie kan glo nie." O, hoe Hy die Boodskap by hulle probeer uitkry het, die openbaring. Kon reg afkyk in die hart van 'n man, alles van hom af weet. Hoe ek daaraan dink: Daardie oë, wat eens oor die berge gekyk het, lyding aanskou het, en kon huil soos 'n mens, maar tog die Gees van God agter daardie menslike visie daar, kon neem, en alle dinge sien; dinge wat was, daardie dinge wat was—was, en dinge wat sou kom. Die einde van die begin af kon voorspel, dis omdat God agter daardie menslike oë was. Laat God in jou lewe inkom en jou beheer, en Hy sal vir jou dinge wys wat sal kom. Want dis nie meer jy nie, dis

die Heilige Gees in jou lewe daaragter wat deur daardie menslike oë kyk om dinge uit te wys.

175 O, prys God! "Ek sal My Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en dogters sal profeteer, julle jongelinge sal gesigte sien, julle ou manne sal drome droom." Halleluja! Partykeer moet Hy jou aan die slaap maak, sodat Hy deur jou kan kyk, maar Hy sal jou beslis baiekeer wys. "Julle jongelinge sal gesigte sien, julle ou manne sal drome droom; op My diensmaagde en diensmeisies sal Ek My Gees uitstort." Nie: "Op My diakens en pastore, en op My . . ." "Op wie ook al wil, op alle vlees, sal Ek My Gees uitstort." Julle wonder hoekom ek dit uitskree, maar dit kom in hierdie kerktydperke.

176 O, daar was Hy, daardie oë. En, onthou, eendag, daardie oë wat verdof was met trane, sal daardie oë staan by die oordeel. Nou is hulle soos vuurvlamme wat heen-en-weer oor die aarde gaan, en daar's niks wat gebeur waarvan Hy nie weet nie. O, goeiste, dis opgeteken. Wat heen-en-weer deur die aarde gaan, elke beweging dophou, elke gedagte onderskei, alles weet wat jy doen, die oorlegging van jou hart, wat jy beplan om te doen. Hy weet alles daarvan. Hy weet of jy Hom liefhet. Hy weet of jou bedoelings reg is, om Hom te dien. Hy weet alles daarvan. En wat sal dit wees wanneer jy staan daardie dag, wanneer elke sonde nakend voor Hom is, en Hy staan daar by die Wit Troon Oordeel?

177 God, verlos my van daardie plek! Ek wil dit nie sien nie. Wanneer 'n kwaai God daar uitstap met vuur wat uit Sy oë flits, met geregtigheid, die wit pruik oor Sy kop soos daardie, en Sy oë wat flits met vuur, wat elke gedagtes van jou hart ken, en alles wat jy ooit beplan het om te doen. Verberg my oorkant in die Rots van die Eeue wat vir my geskeur is! Die ou kêrel het altyd gesing: "Wanneer hierdie hele wêreld aan die brand is, staan by my. Staan by my, en laat U boesem my kussing wees. Verberg my in die Rots van die Eeue." God, ek wil nie U oordeel hê nie. Ek wil nie U . . . Wat ek wil hê, is U genade, Here. Gee my U genade, nie U Regverdige geregtigheid nie. Gee my net U genade. Nie U wette nie, nie enige . . . Gee my net genade, Here, dis al waarvoor ek kan pleit. Niks bring ek in my arms nie (Ek's niks werd nie, geen manier nie), net eenvoudig aan U kruis klou ek. Here, dis al wat ek weet: Een het gekom om my plek te neem.

178 Hou nou Sy sewevoudige personasie van Sy persoon dop, en julle sal sien wat Hy gedoen het.

> *Sy hoof* . . . was *wit soos sneeu*; soos wol, wit hare; *en Sy oë was soos* . . . (kom ons kyk) . . . *Sy hoof* . . . was *wit soos* . . . *sneeu*; *en Sy oë was* . . . vuurvlamme;
>
> *En Sy voete* was *soos* . . . *blink koper*, [geelkoper—kjv] soos wat gebrand is in die *oond;*

179 Kyk nou. Ons het pas opgelet waar Hy bedek is, julle weet. Kyk nou. Sy hoof, Sy oë, nou gaan Hy af na Sy voete soos koper. Kyk na die kontras van daardie beeld daar wat Johannes van Jesus gesien het, en wat Daniël gesien het van die wêreldryk, die kop van goud ensovoorts.

180 Kyk wat dit hier was, wat daar gestaan het, koper. Waarvan spreek koper? Koper spreek van oordeel, Goddelike oordeel. Dit wys dat Sy volle doel kom hier op aarde as God, om vlees te word, en Hy het vir ons gesterf en die oordele van God trotseer, die Goddelike oordeel, en het 'n Koninkryk ontvang wat koper is, en solied, en dit kan nie beweeg word nie. Niks harder as koper [geelkoper—Red.] nie, en het nog nooit iets gekry wat dit kan smee nie.

181 Oordeel! Koper spreek van Goddelike oordeel uitgespreek. Kyk na die koperslang in die woestyn. Wat het daardie koperslang voorgestel? Die slang het sonde voorgestel; maar, as koper, oordeel alreeds oor sonde uitgespreek.

182 Nou, let ook op na die dae van Elía, toe hulle Elía as profeet verwerp het, daardie draadjie, die antieke kerktydperk. Een van hierdie dae sal ek bring en wys dat Israel ook sewe kerktydperke gehad het, en presies getipeer met hierdie. En in hulle kerktydperk, in die dae van Elía, het hulle hom geweier en daar's drie jaar en ses maande wat daar geen reën was nie. En die outydse profeet het gesê dat "die hemele gelyk het soos koper," Goddelike oordeel oor die volke vir die verwerping van God en luister na Isébel.

183 Koper stel ook Goddelike oordeel voor op die altaar waar die brandoffer doodgemaak is, koper altaar. Doodgemaak . . . Die einste fondasie was koper, die oordeel, Hy het die parskuip van die wyn van die grimmigheid van God getrap en ons oordeel op Hom geneem. Blaai na Openbaring 19:15, net 'n oomblik, kom ons kyk wat Hy gedoen het. Die Openbaring 19:15, kom ons lees dit net 'n oomblik, as ek dit kan vind. Ja, kom ons begin by omtrent die . . . kom ons kyk, omtrent die 12de vers:

> *Sy oë was . . .* 'n vuurvlamme*, en op Sy hoof* was kroon*, baie krone; en Hy het 'n naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe . . . self.*
>
> *En Hy was beklee met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en Sy naam is* genoem*: Die Woord van God.* (Onthou, nou, Sy Naam was nie die Woord van God nie, Sy Naam is so genoem. Sien?) . . . *Sy naam is* genoem*: Die Woord van God.*
>
> *En die leërs . . .* van *die hemel . . . die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, beklee met wit en rein fyn linne.*
>
> *En uit Sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die* nasie *daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer,*

en Hy sal *trap* . . . (Wat dit?) . . . *trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.*

184 Wat het Hy gedoen? Die toorn van God was op ons as sondaars. Is dit reg? Niemand kon homself red nie. Daar's niks wat ons kon doen nie, ons is almal "Gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid, kom met leuens in die wêreld." En wat het Hy gedoen? Hy het na die aarde toe gekom, Halleluja, en die parskuip getrap! Al die toorn van Almagtige God was uitgestort op Hom. "U is waardig, O Lam van God, want U is geslag." Die sondes van die wêreld op Hom geneem, en Hy het ons sonde gedra, wat God die grimmigheid van Sy toorn op Hom uitgestort het. "En Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Nog nooit het 'n mens gesterf soos daardie Man nie! Hy het gely tot die bloed en water geskei het in Sy liggaam. En druppels bloed het uit Sy voorkop gedrup voor Sy dood.

. . . *die parskuip van die wyn van die* . . . *toorn* . . . *van die grimmigheid* . . . *van God, die Almagtige.*

185 Eendag sal daardie kopervoete van geregtigheid (Glorie!), wanneer Hy kom as regter, sal Hy die antichris trap, en al Sy vyande. Halleluja! Hy sal deur die aarde loop met 'n ysterstaf in Sy hand. Amen! O, bekeer, sondaarvriend, terwyl jy 'n kans het om te bekeer. Probeer, stel dit uit en dink dis net 'n storietjie wat nie sal gebeur nie. Dit sal gebeur! "Dit kan net nie met my gebeur nie." Dit sal met jou gebeur!

186 Voete van koper, Sy vyande vertrap. Omdat Hy gely het en die parskuip van die wyn van die grimmigheid van God getrap het, om vir ons sondes te betaal. En dan steek ons, skuldige, arme, ellendige wurms soos ons is, ons neusies op en lees een of ander soort ateïstiese boek en probeer dink "daar's geen God nie," en sê "daar's glad nie iets soos *hierdie* nie, en oordeel kan nie kom nie." Hy sal daardie kopervoete neem en Sy vyand vermorsel. Hy sal oor die antichris loop. Hy sal daardie afvallige kerke neem en hulle oorkant in die Ewigheid ingooi, iewers in 'n verterende vuur waar sy verteer sal word en mee weggedoen word. En Hy sal regeer op aarde, Hy en Sy Kerk vir ewig. Glorie!

187 "Hoof, wit soos wol," geregtigheid, ondervinding, welsprekendheid, genoegsaam, wysheid. Ouer, wit, spreek van wysheid, oud. Weet wat Hy doen. Hy's die—Hy's die Fontein van wysheid. Hy's die Fontein van ondervinding. Hy's die Fontein van elke goeie ding, daarom is Hy verteenwoordig in hierdie een soos die Seun van die mens, wat beklee is met sy wit hare wat afhang. Daniël het Hom gesien baie honderd jare, sewehonderd jaar, en gesê: "Hy was die Oue van dae. En een, soos die Seun

van die mens, het gekom in krag en verenig met hierdie Oue van dae, en die gereg het gaan sit."

188 Nou wil ek net vir julle iets vra. Ek praat met julle louwarm kerk. Tien maagde het uitgegaan om die Here te ontmoet, vyf van hulle was wys, vyf dwaas; soos ons vanmôre geneem het, daardie geënte boom. Nou, onthou, soos hulle uitgegaan het om God te ontmoet. . . Nou kyk, die Bybel het gesê: "Die boeke is geopen." Daniël 7:9: "Die boeke is geopen." Dis die boek van 'n sondaar. "En 'n ander boek is geopen." Wie het saam met Hom gekom? Die Kerk van die Wegraping. O! "Tiene van duisende maal duisende maal duisende van duisende het saam met Hom gekom en het Hom gedien," Sy vrou, die Bruid. O, glorie! Sy vrou het saam met Hom gekom, die Kerk.

189 Die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen. En nog 'n boek is geopen, wat die slapende maagd was, en elke mens is so geoordeel uit die boek. Jy sal gevra word vir 'n rede waarom jy nie het nie, en dan, wat dan? Jy weet van beter nou, jy weet van beter. Jy mag Dit miskien nie tevore geweet het nie, maar jy weet nou. Sien? Waar as hierdie regverdige skaars gered sal word, waar sal daardie sondaar en die goddelose persoon verskyn? Die een wat dit verwerp, van beter weet en Dit dan verwerp. Waar sal hulle verskyn? Sy voete soos koper, Goddelike oordeel.

190 Nou, kom ons kyk, ons sal gou. . . onder na die einde van die bladsy nou:

> . . . hare *soos wol, . . . en Sy oë was . . .* vuurvlamme;
>
> *En Sy voete soos—voete soos . . . koper . . . gloei soos in 'n oond; en Sy stem . . . van baie* water.

191 "Stem van baie waters." Wat verteenwoordig waters? As julle dit wil neerskryf, blaai na Openbaring 17:15, en jy sal vind dat die Bybel gesê het: "Die waters wat jy gesien het, is digtheid, en menigtes, en nasies, en tale." Goed: "Stem." Wat 'n verskriklike ding vir 'n drywende siel op die see van die lewe! Geen loods om hom te lei nie, los, wat dryf met die getye, om die geruis van die groot watervalle te hoor, die valle. Wat 'n verskriklike ding sou dit wees vir 'n siel wat dryf. "Stem van baie waters." Wat is Sy stem? Dis die oordeel; die stem van die predikers, deur die Heilige Gees, wat uitgeroep het aan die mense in elke eeu, wat daar gestaan het. Die Stem van baie waters het uitgeroep, digtheid en menigtes. Die stem van daardie sewe sterre in Sy hand, aan elke kerktydperk, wat die doop van die Heilige Gees gepreek het, die doop in Jesus se Naam, praat in tale, die krag van God, die opstanding van Christus, die Tweede Koms, Goddelike oordeel. Die stem van baie waters het uit hierdie een uitgekom wat gelyk het soos die Seun van die mens, baie waters.

192 Wat sal dit wees om te weet jy het in dienste gesit en gehoor dat jy moet regmaak met God en die Heilige Gees ontvang, en 'n drywende siel daardie stem hoor uitspreek in daardie diens

waarin jy gesit het, en gehoor het dat die oordele van God gepreek word, en Dit geweier het. Die groot val is net onder jou, die groot watervalle wat jou sal neem na jou Ewige verdoemenis.

193 Stem van baie waters, vierde personasie van Hom. Stem van baie waters. Hoe gaan jy dit doen, wanneer dit opgeneem word in Heerlikheid, wanneer die stem vanaand opgeneem word? Jou stem word opgeneem. Jou gedagtes word opgeneem. "Soos 'n mens in sy hart dink, so is hy." Let op, jou stem is harder in die Hemel as jou. . . Ek bedoel, jou gedagtes is harder in die Hemel as wat jou stem op aarde is. Sekerlik, dit is. God ken die gedagtes en die oorlegginge van die hart, Hy weet alles daarvan.

194 Hy het vir die Fariseër gesê: "Julle skynheiliges, hoe kan julle goeie dinge sê, wanneer uit die oorvloed van die hart die mond spreek? Noem My: 'Meester, goed,' en Ek weet, Ek kan regdeur jou kyk en sien dat jy 'n skynheilige is. Jy bedoel dit nie."

195 O, wat sal dit wees op daardie dag wanneer daardie stem uitbasuin uit baie waters, baie kerktydperke vorm?

196 Nou wil ek julle iets anders vra. Laat my iets sê vir julle mense wat gered is, laat my dit vir julle sê.

197 Nou, jou drywende siel, jou arme drywende wat oor daardie groot waterval dryf oorkant, wees versigtig. Dit sal 'n verskriklike ding wees, wanneer jy weet daar's geen redding vir jou dan nie. Jy kan nie dan gered word nie, jy weet jou verdoeming lê reg voor jou. Wanneer jy weet dat jy binne 'n paar minute daardie Stem sal hoor sê: "Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid, na ewigdurende vuur wat voorberei is vir die duiwel en sy engele." Jy sal weet wanneer jy daardie groot valle hoor druis van daardie stemme van daardie dienste, wanneer uitgaan hieruit. O, wat 'n verskriklike ding, wat 'n nagmerrie! Moenie dat dit met julle gebeur nie, mense. Bekeer, kom reg met God nou, terwyl julle kan regkom.

198 Nou wil ek julle iets anders vra. Wat is soeter vir 'n mens wat geanker is, wat agter onder die immergroen boom lê, as om die kabbelende stroompie te hoor? O! Dis die Kerk wat in hemelse plekke sit met die Stem van God wat soet kabbel en dan met hulle praat. Sien wat dit is? Dis 'n veroordeling vir die sondaar, en 'n seën vir die verlostes. 'n Man wat sy boot veilig geanker het op die Rots Christus Jesus, en net lê en luister, hoe hy kan rus! In daardie rus ingaan.

199 Hoe ek daarvan hou om te gaan waar die waters loop. As ons ooit gaan visvang of enigiets, probeer ek gewoonlik vir my 'n plek vind waar die waters kabbel, want dit laat jou net rus. Jy hoor dit net heelnag praat. O, goeiste!

200 Is dit nie mooi wanneer jy regtig jou siel kan anker in Christus, in so 'n plek totdat jy kan stil raak voor Hom nie? En Sy Stem hoor praat met jou: "Ek's die Here wat jou genees. Ek's die Here wat jou Ewige Lewe gee. Ek het jou lief. Ek het jou

geken voor die grondlegging van die wêreld. Ek het jou naam op die Boek gesit, jy is Myne. Moenie vrees nie, dis Ek. Moenie bang wees nie, Ek's met jou." Dan sing ek:

Ek het my siel geanker in die hawe van rus,
Ek sal nie meer die wilde seë bevaar nie;
Die storm kan waai oor die wilde, stormagtige dieptes;
Maar in Jesus is ek veilig vir altyd.

201 Onthou, dieselfde Stem wat soet met jou praat, sal die sondaar veroordeel. Dieselfde vloed wat Noag gered het, het die sondaar verwoes. Sien wat ek bedoel? Die stem van baie waters.

202 Kyk nou: "Hare soos wol, en oë soos vuurvlamme, voete soos koper, en 'n stem van baie waters.

En in Sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, . . .

203 "Sewe sterre." Nou kom ons neem die 20ste vers net hier:

En *die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in My regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die* sewe *engele* (of sewe boodskappers, sewe predikers) *van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes.*

204 Hy lê dit uit vir hom sodat daar beslis geen fout kan wees nie. 'n Engel vir elke kerktydperk. O, dit gaan pragtig wees, hierdie week, wanneer ons teruggaan oor in die geskiedenis en daardie engele optel en die presiese bediening sien wat hulle gehad het. Hulle het dieselfde bediening gehad. Presies dieselfde, reg af deur die tydperk in daardie Kerkie.

205 'n Tyd gelede, het iemand gesê: "Jy weet, die Katolieke kerk, daar's 'n goeie gesegde, dat: 'Dis die ware kerk omdat dit staande gebly het reg af deur die eeue.'"

206 Ek het gesê: "Dis geen verborgenheid, wanneer dit die hele regering en al die res agter dit gehad het, en hoe dit gestaan en die storms trotseer het nie. Maar die verborgenheid vir my is hoe daardie baie klein minderheid ooit die storm kon trotseer, wat in stukke gesaag is, en in leeus ingegooi is, en op rekbanke gesit is, en opgevreet, en verbrand, en deur leeu . . . en doodgemaak en alles, en hoe hulle dit oorleef het." Dit wys dat die hand van God met hulle was. Dis al. En steeds vandag brand haar Lig nogsteeds. Amen! Ja, meneer!

207 Nou: "Die sewe sterre wat in My regterhand was." Hy het sewe sterre in Sy regterhand gehad, wat die sewe predikers van sewe tydperke beteken. O, dis—dis pragtig. Hoe ons kan teruggaan en die—die prediker kry wat die Boodskap aan die Éfesiese kerk gebring het. En die prediker wat die Boodskap gebring het en Dit gehou het tot die dood, reg af aan die Smirna kerk, en aan die Pérgamos kerk, die Thíatire, en verderaan deur die tydperk, selfs tot by hierdie tydperk nou. Die predikers wat

gehou het en die Lig gebring het, en Dit gehou het soos die oorspronklike aan die begin, en die Lig deur hom gebring het.

208 "Hy het hulle gehou in Sy regterhand." Dink! Regterhand beteken nie presies soos Christus aan God se regterhand sit nie. Dit beteken nie dat God 'n regterhand het nie, want God is 'n Gees. Maar Christus was die regterhand van krag. Jou regterhand-man, die kêrel—kêrel wat by jou staan, die naaste aan jou.

209 En, onthou, die sewe sterre was in Sy regterhand. Dink net, hulle het hulle stroom getrek, hulle Lig uit Hom. Hulle was heeltemal onder Sy beheer, in Sy regterhand. O! Elke ware dienaar van God is dieselfde. Gehou in . . . Wie kan hulle skaad? Wie kan hulle skaad? Soos een van die engele uitgeroep het daar aan die begin. Onthou 'n *engel* beteken "boodskapper." Ons gaan in daardie diep dinge in, later in die week. 'n *Engel* beteken "boodskapper." En hy het gesê: "Wat kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus is? Kan siekte? Kan gevaar? Kan naaktheid? Kan swaard? Kan die dood? Ek is oortuig," het Paulus gesê: "dat daar niks is wat ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus is nie," want ons is geheel en al oorgegee aan Sy regterhand.

210 Iemand sê: "Holy-roller! Holy-roller!" Dit pla hulle glad nie. "Jy's 'n godsdienstige fanatikus!" Hulle hoor dit nie eers nie. Hulle is geheel en al oorgegee en trek hulle Lewe uit Sy regterarm van krag, wat Sy Lig weerkaats in sagmoedigheid, en goedhartigheid, en teerheid, en geduld; tekens, en wonders, en wonderwerke. Laat die wêreld Dit "towerkuns" noem, wat hulle ook al wil, maak geen verskil vir ons nie, want ons weet ons is oorgegee en in Sy regterhand. Is dit nie wonderlik nie? Goeiste!

211 Nou laat ons opskud, want ons wil julle nie vermoei nie. "In Sy regterhand, sewe sterre."

212 Nou die sewende en laaste voorstelling van Sy persoon:

> . . . *en 'n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan*, . . .

Ek het bedoel, dis die sesde een.

> . . . *en 'n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan*, . . .

213 Nou, Stem van baie waters, en uit Sy mond . . . In Sy regterhand het Hy die sterre gehad.

> . . . *en 'n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan*, . . .

214 Nou, weet julle wat die skerp tweesnydende swaard van die Bybel is? Laat ons dit net kry sodat julle sal weet. Neem Hebreërs 4:2, net reguit terug net 'n bladsy of twee en julle sal dit kry, sien. Hebreërs is net agter die Openbaring in hier; Judas, en dan die Hebreërs. Nou, kry dit goed nou. Of . . . Hebreërs, 4de hoofstuk

van Hebreërs, hier is ons. Goed, Hebreërs die 4de hoofstuk en die 12de vers:

> *Want die woord van God is l*ewendiger *en* kragtiger *en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.*

215 En dan noem hulle jou 'n "gedagteleser." Dis die Woord van God gemanifesteer in Sy Kerk! Skerper as enige tweesnydende swaard. Sê, ek het nou net gedink aan iets anders hier. Ek weet nie of ek neergeskryf het 'n Skri-. . . Kry Openbaring 19, net 'n oomblik. Kom ons kry dit weer, ek dink dis reg. Ek's miskien. . . Openbaring 19, omtrent 11:

> *Toe het ek die* hemele *geopen gesien; en daar was 'n wit perd,. . .* (Hier kom wit weer, oordeel.) . . . *en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.* (Julle weet wie daardie was, nie waar nie? Goed?)

> *Sy oë was. . . 'n* vuurvlamme, . . . (Wie was Hy?) . . . *en op Sy hoof was. . . krone,. . .* (Uh-oh. Hy het klaar in die koninkryk ingekom nou.) . . . *en Hy het gehad. . . en—en Hy het 'n naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe. . . self.*

> *En Hy was beklee met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en Sy naam* word genoem*: Die Woord van God.*

216 Wat het uit Sy mond uitgegaan? Wat het gegaan? Die wit perderuiter. En Openbaring, ook, 7, toe. . . Ek glo 8. Toe die wit perde. . . nee, dis 6. Toe die wit perderuiter uitgegaan het, is daar vir Hom 'n—'n boog gegee, om te oorwin en oorwin.

217 En 'n swaard het uit Sy mond uitgegaan. Wat was Hy? Die wit perderuiter van Openbaring. Let op die swaard. "Uit Sy mond gaan 'n skerp tweesnydende swaard," die Woord. En, uiteindelik, deur Sy Woord, wanneer Dit gemanifesteer word aan al die seuns van God, sal Hy elke nasie vertrap met Sy Woord, deur hierdie skerp swaard. Kyk hier wat gebeur het, soos ons dit kry:

> *En. . . Sy regterhand. . . en 'n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan, en Sy* aangesigte *was soos die son wat skyn in sy krag.*

218 "'n Skerp tweesnydende swaard." Wat het uit die mond van hierdie persoon uitgegaan? Die Woord van God. Dis 'n skerp tweesnydende swaard. Wat het dit gedoen? Die gedagtes van die hart onderskei, die oorlegginge; gaan selfs dieper as die vleis, die vlees, die bloedselle, in die been, af in die murg van die been, reg verby dit, selfs tot 'n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart. Dis wat die Woord van God doen.

219 "En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." En nou het die Woord vlees geword in Sy Kerk, wat onder ons woon. Sy engele in Sy hand, wat bedien. God maak staat op Sy Kerk. God maak staat op ons van hierdie tydperk om hierdie Evangelie Lig na 'n sterwende, heidengebonde, tradisionele wêreld te bring. God lê die las op my en jou. Wee ons as die heiden sterf sonder om te weet. O, hulle het skryf, lees, en rekenkunde gedra, en 'n paar godsdienstige pamflette, en hulle het niks meer as 'n paar godsdienstige bekeerlinge gemaak nie. Ek bedoel die Evangelie! Die Evangelie is nie die Woord alleen nie. Paulus het so gesê. Paulus het gesê: "Die Evangelie het nie net deur die Woord na ons toe gekom nie, maar daardie Woord gemanifesteer." Wanneer die Woord, deur die Heilige Gees, is . . . Die Woord word geplant in jou hart wat die Heilige Gees het en bring voort wat die Woord gesê het Dit sou. En die Woord kan die gedagtes van die hart onderskei! Glorie! O, goeiste! O! 'n Onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart, doen die Woord.

220 Gaan uit Sy mond uit, 'n skerp tweesnydende swaard, die heiden wakker te maak. Iets moet gebeur een van hierdie dae. Ja! Die Woord van God, Sy Naam was die Woord van God, die Woord wat gemanifesteer is. Kyk, Jesus het gesê: "Gaan in die hele wêreld in," Markus 16, Sy laaste groet aan die kerk voor Hy terugkeer om Homself te openbaar in die kerktydperk. Hy het die Kerk opdrag gegee: "Gaan in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan elke skepsel." Wat? Verkondig die Evangelie. Markus 16: "Verkondig die Evangelie aan elke skepsel." Wat is dit? Met ander woorde, "demonstreer die krag van die Heilige Gees," moes wees.

221 Nou kyk: "aan elke . . ." Nie net die Woord leer nie; Hy het nooit gesê: "Gaan leer die Woord nie." Hy het gesê: "Gaan verkondig die Evangelie." Nie leer die Woord nie, verkondig die Evangelie. "En vir hulle wat hierdie Evangelie geglo het, sal hierdie tekens volg; in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, hulle sal met nuwe tale praat, as hulle 'n slang opneem of iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; as hulle die hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

222 "En hulle het uitgegaan," het die Skrif gesê: "oral gepreek; die Here wat saam met hulle gewerk het, die Woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het." Dis die Evangelie, die Evangelie wat getoon word.

223 Hierdie tekens sal hoeveel volg? Tot aan die einde van die wêreld, aan elke tydperk. Daar is daardie klein minderheid wat afkom daardeur, daardie Lig hou. Geen wonder Jesus het gesê: "Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om aan julle die Koninkryk te gee." Die klein kuddetjie; altyd die minderheid, nie die meerderheid nie.

224 Goed, nou nog een aanhaling. En ons het die 20ste geneem, so laat ons nou hier sien oor hierdie vers hier. Nou die 16de:

En in Sy regterhand het Hy sewe sterre gehou,. . .

225 Nou kom ons neem die . . . en die . . . Sy aangesigte:

. . . skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan, en Sy aangesigte *was soos die son wat skyn in sy krag.*

226 As julle blaai na . . . laat ons sien, Matthéüs 17. Kom ons kry dit net reg hier terwyl ons daarby is; so ons gaan net daardeur, en baie van daardie mense wat dit neem, laat ons . . . of dit neerskryf, ons sal hulle dit net laat lees sodat ons sal weet.

227 Matthéüs 17, goed:

. . . ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes geneem . . . in *'n hoë berg in die eensaamheid gebring.*

En Hy het voor hulle van gedaante verander, en Sy aangesig het geblink soos die son, en Sy klere het wit geword soos die lig.

228 Hy het van gedaante verander. Wat het Hy gedoen? Homself van gedaante laat verander, oorkant na Sy komende dag. Nou kyk, net 'n paar uur voor dit, het Jesus hierdie aanhaling hier terug gemaak in die volgende hoofstuk: "Voorwaar, Ek sê vir julle, dat sommige wat hier staan . . ." Hoeveel weet wat Ek gaan sê? "Sommige wat hier staan sal nie heengaan nie, nie doodgaan, voordat hulle die die Seun van die mens sien kom in Heerlikheid nie." Is dit reg? En Hy het Petrus, Jakobus en Johannes geneem, die drie getuies, want in die Ou Testament was alles, elke woordjie, bevestig deur drie getuies, en hulle op die berg opgeneem.

229 Let op wat het eerste gekom. O, ek kan net nie net hier stop nie, ek moet net hierdie kry. Kyk! Wat is die eerste ding wat hulle gesien het? Hulle het Jesus bo-op die berg geneem . . . of Hy het hulle opgeneem, en Hy het van gedaante verwissel voor hulle, verander. Sy klere het geskyn soos die son in die middel van sy krag, en Moses en Elía het aan Hom verskyn. In watter vorm kom die Seun van die mens nou? En eerste, wat sal verskyn, sal Moses en Elía wees.

230 Nou, let op, voor Jesus terugkeer na die aarde . . . Nou, hierdie is 'n bietjie voortydig, maar die Gees van Elía sal terugkeer na die aarde en die harte van die kinders terugdraai na die vader. Die Bybel het so gesê. Jesus het hom hier gesien, die apostels het hom hier gesien, die orde van die koms van die verheerlikte Seun van die mens. Hy moet verheerlik word en kom terug. Die eerste ding, voor hulle Hom gesien het, was wat? Elía. Wat toe? Moses; Israel wat teruggaan soontoe, die wet-onderhouers. En dan die verheerlikte Seun van die mens. Halleluja! Sien julle die

orde van Sy koms? Die Gees van Elía, of die getuie van die laaste kerktydperk. Sien, wat kom in krag om Hom te manifesteer.

231 Dan 'n honderd vier-en-veertigduisend Jode om te vergader op Berg Sinai, waar Israel self 'n nasie geword het, die oudste nasie in die wêreld, die oudste vlag in die wêreld; het hulle eie nasie, hulle eie vlag, hulle eie weermag, hulle eie geld, en al die res. Hulle is een van die lede van die gemenebes van nasies, want hulle is 'n nasie. Jesus het gesê hulle sal nooit uitgewerp word totdat alle dinge vervul was nie.

232 Die verborgenheid van hoe daardie klomp Jode, oral verdruk, en weggewys, en weggejaag en uitgegooi, soos die Kerk af deur hierdie eeue van verdrukking, en tog het Jesus gesê: "Wanneer julle die vyeboom sien bod, daardie nasie wat weer terugkeer om weer 'n nasie te wees, is die tyd op hande, selfs voor die deur. Voorwaar Ek sê vir julle, Hierdie geslag sal nie verbygaan totdat al hierdie dinge vervul is nie." Hierdie bloedlyn . . . Hierdie mense sal nie verbygaan nie. Hitler het hulle probeer doodmaak, Mussolini het hulle probeer doodmaak, Stalin het hulle probeer doodmaak, al die res, maar hulle sal nooit besmet, of verban word van die aarde nie, hulle sal 'n volk en 'n nasie wees wat oorkant staan. Amen!

233 Daar sal Moses en Elía kom. O! Hoop julle begryp dit.

234 Goed: "Son wat skyn in sy krag," Sy aangesigte, verander, van gedaante verwissel. Nou nog iets, in Openbaring 21:23, as julle dit wil neerskryf. In die Nuwe Jerusalem, 21:23, is Hy die Lam wat in daardie Stad is, wat die Lig daarvan is, wat skyn; want hulle het geen lig in die Stad nodig gehad nie, die son sal nie daarin opkom nie, want die Lam wat in die middel van die Stad is, sal die Lig daarvan wees. En die nasies wat gered is, sal in die Lig van die Lam wandel! Amen! Hy is die Lam se Lig. O, is julle nie bly daaroor nie?

235 Nie net dit nie, maar Hy's ook, in die koms (Johannes het Hom in die dag van die Here gesien), die Son van geregtigheid. Kom ons gaan na Maleági toe. Maleági, die laaste profeet van die Ou Testament. Maleági, die 4de hoofstuk.

236 Het 'n storietjie om te vertel van my kosbare vrou wat daaragter sit. Ek het haar 'n rowwe tyd gegee voor ons getroud is, ek het probeer opmaak daarvoor na ons getroud is. Ek het nie geweet of ek weer moes trou of nie, en so het sy baie hartseer geraak. En ek het gedink sy was te 'n goeie meisie, net te los, dat 'n goeie man met haar kan trou en vir haar sorg. En ek het nie eers gedink ek was dit werd nie; en ek is nie, haar goedheid, in elk geval nie. So sy was baie hartseer en het nie geweet wat om te doen nie. Dit was jare gelede, omtrent twintig jaar gelede. Sy het so hartseer geword, sy het dag en nag gehuil. En ek het probeer wegbreek van haar, nie omdat ek haar nie liefgehad het nie, omdat ek nie haar tyd wou mors nie; want, laat haar iemand

kry, 'n goeie persoon, want sy is te 'n goeie meisie om te laat gaan soos daardie, en ek neem . . . om net met haar uit te gaan en sulke goed. En ek—ek het gedink sy het my lief, en ek het geweet ek het haar lief. So toe het ek gedink: "Wel, ek sal net probeer om . . . Ek sal 'n afspraak met 'n ander meisie kry en uitgaan, en haar laat sleg voel oor my." Ek het haar amper doodgemaak, ek het dit daarna baie gehaat; sy het baie hartseer geword. Ek het vir haar gesê, ek het gesê: "Jy is te 'n goeie meisie, ek—ek wil nie jou tyd so mors nie."

237 En sy het gesê: "Maar ek—ek is net lief vir *jou*, Bill, en dis die enigste een wat ek kan liefhê." Gesê: "Ek—ek het jou altyd liefgehad."

Ek het gesê: "Ek—ek waardeer dit. Maar," ek het gesê: "jy weet," ek het gesê: "ek's 'n kluisenaar." Ek het gesê: "Ek—ek gaan net leef soos 'n kluisenaar. Sien, ek—ek gaan glad nie trou nie."

238 En sy was so vasbeslote daaroor, julle weet, arme kleintjie. En sy het uitgegaan na die—die skuur. En sy het daar uitgegaan, en sy het op haar knieë gegaan, en sy het gesê: "Here, ek weet nie wat om te doen nie. Ek—ek wil U nie verontagsaam nie, en tog is ek lief vir Bill, en ek weet nie wat om te doen nie. Here, sal U my net 'n klein bietjie gerusstel? Sal U my net 'n bietjie help? Ek het U dit nog nooit tevore in my lewe gevra nie, Here, en ek hoop nie ek sal U ooit weer hoef te vra nie," sy het gesê: "maar as U my net sal help, en my hierdie Bybel sal laat oopmaak, en U my 'n Skrif gee. Ek het mense hoor sê U het dit gedoen." En toe sy dit oopgemaak het, was dit Maleági 4:

> *Kyk, Ek* gee vir . . . of *stuur* aan *julle die profeet Elía voor* daardie—daardie verskriklike *dag van die HERE:*

239 Sy het gesê: "Ek het daar opgestaan, net so tevrede dat ons gaan trou, as enigiets." Sien?

> *Want, kyk die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles, ja,* . . . hulle *almal wat goddeloosheid bedrywe,* stoppels *wees, en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die HERE van die leërskare; en sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.*
>
> *Maar vir julle wat My Naam vrees . . . die Son* (S-o-n) *Son van geregtigheid* sal opkom *met genesing onder Sy vleuels;* . . .

240 "Die son van geregtigheid wat skyn in sy krag." O! Die krag van die Seun van God wat skyn in ons midde vanaand. Wat staan tussen die sewe goue kandelaars in Sy sewevoudige personasie hier, as 'n regter. Soos Een wat gely en gesterf het vir ons, en die Goddelike oordeel op Homself geneem het, en die parskuip van die wyn, die grimmigheid van God getrap het. Vir die sondaar is Hy 'n verskriklike waterval, vir jou los siel op die see van die lewe. En vir die Kerk, 'n soete Verlosser, geanker in rus, en wat

die borrelende stroompie hoor terwyl jy lê en volmaak tevrede rus in Christus. Wat 'n tyd! Wat op ons skyn met Sy warm strale: "Moenie vrees nie, Ek is Hy wat was, wat is, en sal kom. Ek's die Almagtige, daar is geeneen behalwe Ek nie. Ek's beide Alfa en Oméga, en Ek sal aan hom gee, wat dors is, vrylik van die fonteine van die water van die Lewe." O, wat 'n belofte en wat 'n liefdesverhouding is dit! En die Lam in die middel van die Stad wat nie 'n lig nodig het nie, en Hy's die Seun van geregtigheid met genesing in Sy vleuels.

Hy's die Lelie van die Dale, die Blink en Môrester,
Hy's die skoonste van tienduisend vir my siel.

In droefheid is Hy my troos, in nood is Hy my toevlug,
Hy sê my elke sorg op Hom te rol. Halleluja!
Hy's die Lelie van die Dale, die Blink en Môrester,
Hy's die skoonste van tienduisend vir my siel.

241 Ja, meneer! O, daardie groot Môrester soos dit uitkom om te skyn, wat die dag aankondig wat aankom, wat dit uitslinger, sê: "Die dag maak gereed om te breek, die Seun kom naby," en Hy trek Homself uit agter al die ander sterre (O, goeiste.) met genesing onder Sy vleuels.

242 Nou terug na ons boodskap. En ons sluit nou af, om gereed te maak vir môre-aand, want die tyd is kwart voor nege, ons wil nie enigiemand te lank hou nie, sodat ons hier kan wees.

243 Goed, die Seun van geregtigheid met genesing onder Sy vleuels. Nou Sy aangesigte. Hy was 'n regter, of 'n ander ding om te wys dat hy oorkant was in die dag van die Here. Glo julle dit? Hy het oorgegaan in die dag van die Here in en die Here gesien as 'n regter; nie as priester nie, nie as koning nie, maar as 'n regter. Hy is 'n Regter. Glo julle dit nie? Bybel sê Hy's 'n Regter. En hier was Hy volledig aangetrek as die Regter, om te wys wat Hy gedoen het; wat Hy was: wat Hy was vir die sondaar, wat Hy was vir die Christen. En hier staan Hy nou met die stem van baie waters, en Sy aangesigte was soos die son wat skyn in sy krag.

244 Nou die resultate, die 16de vers. "En . . . " Nee, verskoon my, dis die 17de vers:

En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete . . .

245 Goeiste! Die profeet kon nie meer verduur, so 'n visioen te sien nie. Hy het net—Hy het net sy krag getap, en hy het reg aan Sy voete geval soos 'n dooie. Nou kyk:

. . . *En Hy het Sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste.*

246 O, goeiste! Nie ’n profeet nie, God! “Ek is die eerste en die laaste. Ek’s die eerste van die Openbaring, die laaste van die Openbaring. Ek’s Hy wat was, Ek’s Hy wat is, Ek’s Hy wat sal kom.” Kom ons kyk:

Ek is . . . Ek . . .

. . . En Hy het Sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste.

*Ek is die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. (*Net nou. En toe het hy uitgeroep:) *Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en . . . dood.*

247 Nou, moenie bang word nie. Waarom sou ons vrees? Waarom sou die Kerk nalaat om te hou Sy . . . om te dink aan Sy Woord? Laat ons net vir ’n minuut hier stop, omdat ons afsluit. Waarom sou hierdie Kerk ooit vrees? Wat het Hy ooit belowe wat Hy nie voor ons gemanifesteer het nie? Waarom sou jy ’n straf of ’n hiernamaals vrees? “Moenie vrees nie! Ek is Hy wat was, Hy wat is, en sal kom. Ek’s die eerste en die laaste. Ek het die sleutels van die doderyk en die dood net hier.” Hoekom? “Ek het oorwin en beide die doderyk en die dood oorwin (Dis beide graf en hades; dood self, hades self.) vir julle. Ek het dit alles oorwin. Ek het hel, dood, graf oorwin.” Toe Hy op aarde was, was Hy die enigste groo- . . .

248 Baie mans het uitgegaan om te oorwin. Het julle dit geweet? Napoleon het uitgegaan om die wêreld te verower, en hy het op die ouderdom van drie-en-dertig. Op die ouderdom van sewentien tot vyf-en-twintig, was Napoleon ’n afskaffer, hy het nie geglo in drink of enigiets nie. Hy het Frankryk toe gegaan. Hy was nie ’n Fransman nie, hy het van ’n eiland af gekom, hy het soontoe gegaan om die Franse terug te betaal omdat hy nie daarvan gehou het nie, nie van Frankryk gehou het nie. Maar hy is oorwin. En hy het uitgegaan en hy het Frankryk oorwin, en Hy het daardie Franse geneem en die wêreld oorwin. En op die ouderdom van drie-en-dertig het hy gaan sit en huil, want daar was niemand anders om te oorwin nie, en ’n alkoholis gesterf. Verslaan, hy kon nie eers homself oorwin nie. Sien? En toe het hy sy waterloo ontmoet by Waterloo, hy het sy einde bereik by Waterloo. Ek was daarbuite en het die ou tekens gesien van die oorblyfsels en dinge daarbuite, toe ons in die land was. Nou, ons neem daardie oorwinnaar, hy het begin as ’n jong man en hy het die verkeerde kant gekies om te oorwin, en hy het gesterf, as ’n skande.

249 Maar daar was ’n ander jong Man wat in die wêreld ingekom het eenkeer. Hy het gesterf op drie-en-dertig en Hy het alles oorwin wat oorwin kon word. Toe Hy op aarde was, het Hy hartstog, trots oorwin, Hy het siekte oorwin, Hy het duiwels oorwin. Toe Hy gesterf het, het Hy die dood oorwin. Toe Hy opgestaan het, het Hy die hel oorwin. Hy het opgegaan in en alles

oorwin wat teen die mensdom was en die wingerdstok gewan . . . parskuip van die wyn van God en dit verbrysel en die dood oorwin, hel, graf, siekte, formaliteite, alles anders, en dit alles oorwin, en op die derde dag opgestaan en al die atmosfere bokant oorwin, en daardie mis tussen God en die mens verwyder, en die Hemel en die aarde verbind. Glorie! O, goeiste! Sjoe!

250 Daar staan Hy die Magtige Oorwinnaar, vandat Hy die sluier in twee geskeur het, daar is Hy. Het beide die sleutels van die dood en doderyk wat aan Sy sy hang: "Moenie vrees nie." Sy regterhand gelê (Sy krag) op hom, en hom opgerig deur die krag van Sy regterhand, gesê: "Moenie vrees nie, Ek is Hy wat was, en Hy wat is, en sal kom. Ek's die eerste en die laaste. Ek is Hy wat geleef het, en gesterf het, en weer lewendig is vir ewig. Amen!" O!

Kyk! Aanskou die magtige oorwinnaar,
Kyk! Aanskou Hom openlik,
Daar staan Hy, die magtige oorwinnaar,
Vandat Hy die sluier in twee geskeur het.

251 Amen! Elke struikelblok verwyder vir mense, dat hulle verbind mag word soos in die tuin van Eden. Nou, mens . . . Ek sou verstuk het, maar ek gaan dit sê. Die mens is almagtig. Julle glo dit nie, maar hy is. 'n Mens, ten volle oorgegee aan God, is almagtig. Het Hy nie gesê, in Markus 11:22 nie: "Wat julle ook al sê, en nie in jou hart twyfel nie, sal dit gebeur. Jy kan kry wat jy gesê het," nie?

252 Wat gebeur as twee almagtiges ontmoet? Wanneer God en die mens bymekaarkom, twee almagtiges, moet iets skud. Iets . . . Wat jy ook al sê met daardie skeppingskrag van almagtigheid van God, in die wete dat Hy dit belowe het, en Hy dit in Sy Woord gesê het, skep dit 'n krag en gaan daar uit en laat dinge gebeur, dinge wat nie is nie, hulle maak asof hulle daar was, omdat twee almagtiges ontmoet het. Daar staan Hy! O, is Hy nie wonderlik nie!

253 Kom ons kyk of ons nog 'n paar goeie dinge het. Die 18de vers, nou die 19de vers. Johannes; wat het gebeur toe hy Sy aangesig gesien het? Die resultaat? Hy het geval aan Sy voete; hy kon net nie meer verduur nie, sy menslike lewe was uitgetap, hy kon dit net nie doen nie. Hy was 'n oorwinnaar, Hy het alreeds oorwin.

254 Nou gee Hy 'n opdrag, en dan begin ons die hoofstuk afsluit, hierdie 19de vers:

> *Skryf die dinge op wat jy gesien het, dié wat is sowel as dié wat gaan gebeur;*

255 Ons het die 20ste vers geneem:

> *Die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in* die *regterhand gesien het . . .* is *sewe goue kandelaars; die sewe sterre is die sewe engele van die sewe gemeentes,*

en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes.

256 O! Dis asemrowend, vriend. Hom daar te sien staan in die opper. . . die opperheerskappy van Sy Goddelikheid. Hy's die Regter, die Priester, die Koning, die Arend, die Lam, die Leeu, die Alfa, die Oméga, die Vader, Seun, Heilige Gees; Hy wat was, wat is, en sal kom. Trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid van God, en alles behaag, totdat God by die kruis gesê het. . . Toe Hy opgestaan het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" God so behaag, totdat die Gees wat Hom verlaat het, teruggekom het op Paasoggend en Hom opgetel het en Hom weer opgerig het vir ons regverdigmaking.

257 Daar het Johannes opgekyk en Hom daar sien staan met voete van koper, oë soos vuurvlamme wat heen-en-weer deur die aarde gaan. Daniël het Hom sewehonderd jaar tevore gesien, in dieselfde posisie, dieselfde soort, dieselfde man wat daar gestaan het, die Oue van dae, en Een soos die Seun van die mens wat by Hom aangesluit het, en alle oordeel is aan Hom gegee, gestaan by die Wit Troon Oordeel.

258 Ten aanskoue van hierdie dinge, watter soort mense behoort ons te wees, vriende? God seën julle, is my gebed. Sien? Het julle Hom lief? Glo julle Hom? Het jy jou siel geanker in Hom?

259 Kom ons buig net ons hoofde vir 'n oomblik.

260 Net stil en sag, soos ons stil gaan sing, *Ek Het My Siel Geanker In Die Hawe Van Rus*: "Ek sal nooit daardie kabbelende watervalle hoor om my siel weg te stuur nie, maar Dit sal soet vrede spreek vir my siel." Stil nou, eerbiedig, elkeen.

Ek't my siel geanker in 'n hawe van rus,
Nie meer die woeste see bevaar;
Die storm kan waai oor die wilde, storm' dieptes,
In Jesus is ek veilig vir altyd.

Ek't my siel geanker in die hawe van rus,
Nie meer die woeste see bevaar;
Die storm kan waai oor die wilde, storm' dieptes,
In Jesus is ek veilig vir altyd.

Skyn op my, (Laat die strale van Heerlikheid, Here,) Here, skyn op my,
Laat die Lig van die vuurtoring skyn op my;
O, skyn op my, Here, skyn op my, (Kom ons steek ons hande op na Hom.)
Laat die Lig van die vuurtoring skyn op my.

Te wees soos Jesus, (Ja, Here.) te wees soos Jesus,
Op aarde verlang ek om te wees soos Hy;
Regdeur die lewe van aarde na Glorie,
Vra ek net om te wees soos Hy.

[Broer Branham begin die koortjie neurie—Red.]

. . . O Wonderlike Verlosser,
Op aarde verlang ek om te wees soos Hy;
Regdeur die lewe van aarde na Glorie,

261 Wil jy graag hê Sy Lewe moet in jou woon, om Sy Teenwoordigheid te weerkaats? As jy wil, en jy het dit nog nie gehad nie, sal jy staan vir gebed? diegene wat onthou wil word in gebed. God seën julle.

Uit Betlehem se krip . . . (Bly net staan nou, bly net aan . . .) . . . het 'n Vreemdeling gekom, (Jy sal 'n vreemdeling vir die wêreld wees.)
Op aarde verlang ek om te wees soos Hy;
Regdeur die lewe, van aarde na Glorie,
Vra ek net om te wees soos Hy.

Net te wees soos Jesus, te wees soos Je- . . . (Dis my begeerte.)
Op aarde verlang ek om te wees soos Hy;
Regdeur die lewe, van aarde na Glorie,
Vra ek net om te wees soos Hy.

[Broer Branham begin die koortjie neurie—Red.]

. . . beskeie, nederig en beskeie.

262 Nou, Hemelse Vader, wat op hulle voete staan, is baie wat U nou wil ontvang. Hulle is moeg van hierdie ronddryf, nie weet waarheen hulle gaan nie, buite op die lewensgety; en weet miskien voor daglig sal die hart ophou klop, dan die groot waterval, valle, voor hulle, 'n drywende siel. Hulle was soos hulleself, hulle was soos die wêreld, maar hulle wil nou soos U wees, Here. Ontvang hulle in U Koninkryk, hulle is U s'n, Vader, omdat U hulle harte ken en die oorlegginge van hulle harte. En U het dit so geskryf, en dit met U eie lippe gesê: "Hy wat My Woorde hoor, en sal glo aan Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe." U het ook gesê, Here: "Geseënd is hy wat lees en hy wat die woorde van die profesie van hierdie Boek hoor, want die tyd is op hande." Hulle besef dat die tyd op hande is. Hulle kan nie meer langer dryf nie, Here. Gooi uit die reddingstou, trek hulle in Uself in, Here. Mag hulle van hierdie aand af uitgaan, die Lig van Jesus Christus weerkaats. Ek vertrou hulle toe aan U, Vader God, in die Naam van Jesus Christus. Mag hulle die Here nederig volg in die doop hier by die kerk; met die Heilige Gees beklee word, sodat hulle soos Jesus kan wees vir die res van hulle dae. Ons vra dit in Sy Naam.

Net te wees soos Jesus, te wees soos . . .

263 Sommige van julle almal wat naby daardie mense staan of sit, wat Christene is, reik oor en kry hulle hand beet en skud hulle hand. Sit jou hand op hulle: "Prys God vir jou siel." Ons altare is heeltemal vol hier met die kinders en dinge, ons kan hulle nie hier op bring nie.

Deur die lewe, van aarde na Glorie,
Vra ek net om te wees soos Hy.

Skyn op my, O, skyn op my,
Laat die Lig van die vuurtoring, skyn op my;
O, skyn op my, Here, skyn op my,
Laat die Lig van die vuurtoring, skyn op my.

264 Voel julle baie goed? Voel julle nie goed nie? Is jy nie bly jy is 'n Christen nie? Skud nou hande met iemand wat naby jou sit, terwyl ons 'n lied gaan sing, *Ons Sal Wandel In Die Lig*, hierdie pragtige Lig, die Lig van die Here Jesus Christus wat gemanifesteer is in vlees.

Ons sal wandel in die Lig, so 'n pragtige Lig,
Kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons, in die dag en die nag,
Jesus, die Lig van die wêreld.

Sing dit, almal:

Ons sal wandel in hierdie Lig, dis 'n pragtige Lig,
Kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons, in die dag en die nag,
Jesus, die Lig van die wêreld.

Kom, al julle heiliges van die Lig verklaar,
Jesus, die Lig van die wêreld;
Dan sal die klokke van die Hemel lui,
O Jesus, die Lig van die wêreld.

Steek nou jou hand op:

Ons sal wandel in hierdie Lig, pragtige Lig,
Kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons, in die dag en die nag,
Jesus, die Lig van die wêreld.

Ons sal bly wandel in hierdie Lig, Dis so 'n pragtige Lig,
Dit kom waar die doudruppels van genade helder skyn;
Skyn net oral om ons, in die dag en die nag,
Jesus, Hy's die Lig van die wêreld.

Ons sal wandel in hierdie Lig (Evangelie Lig), pragtige Lig,
Kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons, in die dag en die nag,
Jesus, die Lig van die wêreld.

265 Destyds aan die begin by Pinkster, toe die Heilige Gees geval het op die Kerk. Die Boodskap het afgekom na Smirna; daar het Irenaeus gestaan, die groot heilige van God, wat in tale gepraat het, krag van God, wat die dooies opgewek het, die siekes genees het, Hy het gewandel in die Lig. Na hom het Columba gekom, die groot magtige heilige van God. Baie van die ander groot heiliges wat die Boodskap verder gedra het, in die Lig gewandel het, die Evangelie Lig, dieselfde Lig wat geskyn het op die Pinksterdag; Christus wat tussen Sy mense staan, en daardie sewe goue kandelaars wat Sy glans weerkaats soos die son in die midde van sy krag.

266 Hier is ons in 1961:

Ons sal wandel in hierdie Lig, Dis so 'n pragtige Lig,
Dit kom waar die doudruppels van genade helder is;
O, skyn oral om ons in die dag en die nag,
O Jesus, die Lig van die wêreld.

Laat ons staan:

Ons sal bly wandel in hierdie Lig, Dis so 'n pragtige Lig,
Dit kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons in die dag en die nag,
Jesus, die Lig van die wêreld.

Het julle Hom lief?

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,
Omdat (net omdat) Hy my eerste liefgehad het,
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

267 Om nooit weer na die dinge van die wêreld toe te draai nie. Ek is dood vir die wêreld en die wêreld is dood vir my. Ek wandel net in Christus, gelei deur die Heilige Gees. Ek het Hom lief, omdat Hy my liefhet, en Sy seëninge oor my skyn, my die regterhand van gemeenskap gee in Sy Koninkryk. Nou is ons seuns en dogters van God, en dit is nog nie duidelik wat ons sal wees aan die einde nie; maar ons weet ons sal 'n liggaam hê soos Sy eie verheerlikte liggaam, want ons sal Hom sien soos Hy is.

Dan sal ons wandel in die Lig, 'n pragtige Lig,
Wat kom waar die doudruppels van genade helder is;
Skyn oral om ons in die dag en die nag,
Jesus, die Lig van die wêreld.

268 Het julle Hom lief? Julle weet, na die boodskap gesny het en alles, hou ek daarvan dat die mense in die liedere inkom en begin aanbid en sing in die Gees. Daar's niks mooier as goeie ou sang nie. Dis reg. Ek hou van goeie outydse pinkstersang; nie daardie te ver opgeleide stemme wat hou totdat hulle skree en blou word in die gesig, en nie weet wat hulle sing nie. Ek hou van iemand wat miskien nie 'n wysie in 'n mandjie kan hou nie, maar tog het hy die Pinksterseën, nou sing hy daarvan. O, hoe—hoe glorieryk daardie melodieuse liedere van die kruis! O, goeiste!

Ons verdagingslied nou:

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
Neem dit oral met jou mee.

Môre-aand om sewe-uur, presies sewe-uur, begin die dienste.

Voor die Naam van Jesus neerbuig,
Aan Sy voete val ons neer,
Koning van konings sal ons Hom in die Hemel kroon,
Wanneer ons die reis hier voltooi.

Kom ons sing nou almal:

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
O, neem dit oral met jou mee.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet! (Hoe soet!)
Aardse hoop en Hemelvreugd.

269 Nou, ons het dit voltooi vanaand. Die . . . my nou net gevra: "Of daar 'n diens in die oggend sal wees?" Nee, nie môre nie, kry 'n goeie rus môre. Miskien sal ek nie môre-aand in staat wees om daardie boodskap oor te bring nie, so ek sal dit die volgende dag neem. Enige tyd wat ek nie kan . . . hierdie volledige boodskap nie, sal ek dit die volgende dag bring. Maar ons het hierdie vasgestel, ek glo julle is gereed vir die Kerktydperke. Nie waar nie? Goed.

Kom ons buig ons hoofde terwyl ons nou saggies sing:

Voor die voete van Jesus neerbuig, (Elke tong sal dit bely.)
Aan Sy voete val ons neer,
Koning van konings sal ons Hom in die Hemel kroon,
Wanneer ons die reis hier voltooi.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet! (Hoe soet!)
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Die Patmos Visioen AFR60-1204E
(The Patmos Vision)
Die Openbaring Van Jesus Christus reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 4 Desember 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org